MR N. NKOMO

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

CASE NO: 18/75/254

DATE: 1 JUNE 1976

Vol 104

In the matter of:

THE STATE

vs

S. COOPER AND EIGHT OTHERS

---

VOLUME 104

PAGES 6106 - 6203

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)

COURT RESUMES ON 2 JUNE 1976

ADAM SMALL, NOG ONDER EED:

ONDERVRAGING DEUR MNR. SOGGOT VERVOLG: Mnr. Small, ons het gister sover gekom as om getuienis te gee oor die vergadering by die Abe Bailey Institute nie waar nie? --- Dit is korrek.

Nou vertel net wat was u volgende kontak met ȍf die organisasie of SASO geledere? --- Ja, ek het al die SASO presidente geken, ek het reeds die eerste twee genoem ..(HOF KOM TUSSENBEI EN SPREEK TOLK AAN) Ek het reeds die eerste twee genoem, en dan was daar daarna .. (mnr. Soggot kom tussenbei)

Verskoon my dat ek u in die rede val, kan u net kronologies die volgorde behandel, wanneer het u weer kontak gehad, ons het nou gepraat van die geleentheid by die Abe Bailey Institute dit was begin 1971 nie waar nie? --- Dit is reg.

Nou wanneer het u weer kontak gehad met ȍf die organisasie ȍf met gelederes? --- Gedurende 1972 het ek mnr. Sono ontmoet, hy was ook 'n keer by my tuis vir 'n paar dae, wat ons natuurlik die geleentheid gegee het om taamlik ernstig oor die organisasie te gesels.

In watter hoedanigheid was mnr. Sono daar in Wes-Kaap? --- Mnr. Sono was daar as president van die organisasie, en hy het besoek afgelê sover as wat hy kon by die kampusse.

Nou ek dink u het melding gister gemaak dat u 'n GSC bygewoon het? --- Dit is heeltemal reg.

Wanneer was dit? --- Dit was die winter vakansie, universiteit vakansie 1971.

In / ...

In 1971? --- Dit is heeltemal reg.

En u het daar 'n lesing gegee, is dit reg? --- Ek het 'n voorlesing gegee, dit was die "Blackness versus Nihilism".

En nou, kan u net vir Sy Edele beskryf wat se kontak u gehad het met SASO geledere of die organisasie op die kampus by die Wes-Kaap? --- Ja. Die studente by Wes-Kaapland het gedurende 1972 beging 1972, begin belangstel in SASO, daar was begin 1972 sover as wat ek kan onthou nog nie 'n tak nie, die tak het later daardie jaar gekom. Ek onthou heel goed dat toe daar eers 'n tak gestig is, en dit was 'n tak buitekant die kampus.

Hoekom was dit buitekant die kampus? --- Eenvoudig omdat die universiteitsowerhede op daardie tydstip nie heeltemal gelukkig gevoel het oor die aanwesigheid van SASO op kampus nie. Ek dink dit was 'n algemene gevoel destyds op die Swart kampusse, en dit was ook die geval by Wes-Kaapland.

Daar was dan 'n tak gestig op die kampus? --- Ja.

Vertel ons net van daardie tak en hulle bedrywighede in 1972 en 1973 en so aan asseblief? --- Ja, ek het heelparty van die mense wat in die bestuur van daardie tak was natuurlik geken en ook twee van die mense was studente van my.

Wie is hulle? --- Dit is - ek onthou veral mnr. Johnny Issel, wat 'n senior student by my was, en 'n ander SASO lid was, en 'n ander senior student van my destyds was mnr. Andrew le Roux, en nouja daar is nog ander mense ook wat nie studente in my departement destyds was nie, maar ek het natuurlik omdat ek die vertroue van die

studente / ...

studente gehad het, 'n vertroue wat gespruit het sou ek sê uit die vertroue wat ek miskien graag wil glo my gemeenskap in die Wes-Kaap veral in my gehad het, het ek die mense almal leer ken, ontmoet, met hulle kon praat.

En het hulle vergaderings gehou? --- Hulle het vergaderings gehou, die eintlike SASO vergaderings is weg van die kampus gehou om die rede wat ek reeds genoem het, daar is egter SASO gedomineerde - wat ek daarmee bedoel is eenvoudig vergaderings waar SASO lede sekerheid in die meerderheid was op kampus gehou, alhoewel dit nie amptelike SASO vergaderings was nie, en hierdie vergaderings het gewoonlik die aard van kulturele byeenkomstige gehad. Dit was seker een van die aktiwiteite, die grootste aktiwiteit van SASO op kampus ook van die kampus af, 'n sekere soort kulturele aktiwiteit.

En het u amptelike SASO vergaderings bygewoon? --- Ek het een of twee van die - nouja mens kan sê van die meer amptelike vergaderings bygewoon, ek dink nie Swart Bewustheid is 'n filosofie wat van amptelike vergaderings hou nie, maar ek het van daardie vergaderings bygewoon, ja.

Nou, u het melding gemaak van mnr. Sono, het u enige ander kontak met enige lede van die uitvoerende komitee van SASO oor die jare gehad? --- Ja, soos ek vir u gesê het, ek het die presidente tot en met mnr. Henry Isaacs geken, daar was Geoffrey Modisane ..(mnr. Soggot kom tussenbei)

Henry Isaacs, hy was eintlik van die Universiteit Wes-Kaap? --- Ja, Henry Isaacs was 'n student by Wes-Kaapland, dit is heeltemal reg.

En / ...

En hoe goed het u hom geken, wat was die verwantskap tussen u? --- Ek het vir Henry baie goed geken - ek hoop die Hof gee nie om dat ek hom op sy naam noem nie - ek het hom baie goed geken, wat ek van hom onthou by wyse van persoonlikheid was dat hy 'n baie saggeaarde student was, miskien selfs nou en dan vir my te saggeaard. In elk geval ek het hom baie goed geken, ons het oor SASO beleid gepraat, ons het oor SASO filosofie gepraat en ons het heel dikwels daaroor gepraat, eenvoudig omdat hy baie naby my was, hy was nooit student in my departement nie, maar hy was op kampus.

En enige ander persone - ken u enige van die beskuldigdes voor die Hof? --- Ten minste twee mense.

Kyk na hulle asseblief, mnr. Small? --- O ja sekerlik, ek het taamlik nou kontak gehad met mnr. Moodley, dit is Strini.

Dit is No.9, ja? --- En natuurlik ook met mnr. Saths Cooper, en ons kontak as u belangstel ..(mnr. Soggot kom tussenbei)

Ken u enige van die ander beskuldigdes, mag ons net hierdie punt klaar maak? --- Van die ander gesigte is sekerlik vir my bekend, maar ek vind nou en dan probleme met die name.

En vertel ons net ..(Hof kom tussenbei)

<u>HOF:</u> Kan u vir ons net 'n idee gee van watter gesigte aan u bekend is? --- Ek sou sê dat ek by die kantore al heelparty van die mense hier ontmoet het.

<u>MNR. SOGGOT</u>: By wat se kantore? --- In Durban, dit was natuurlik oor die afgelope jare, maar ek dink ek moet

heeltemal / ...

heeltemal eerlik met die Hof wees en nie iets definitief sê nie.

HOF: Ja, nee, ek verstaan maar u sê gesigte wat u heelwaarskynlik al gesien het? --- Ja.

Watter sou u sê? --- Ek sou sê dat ek die man wat hier reguit na my sit en kyk sekerlik al gesien het.

Dit is No.2 beskuldigde, dit is Myeza - staan net op 'n bietjie asseblief, is dit hy? --- Nee, die een wat langs hom sit.

O, die een wat langs hom sit? --- Ja, dit is reg.

MNR.SOGGOT: Dit is beskuldigde No.3, dit is Lekota, dit is nie nommer 2 nie, ja? --- Ja, nee, dit is sover as wat ek sal gaan. Miskien moet ek net aan die Hof verduidelik wat die aard van my kontak met mnre. Moodley en Cooper was. As ek reg onthou dan was mnr. Moodley in die Wes-Kaap, was dit teen die end van 1972 - ja, ons het kontak gehad deur middel van ons kuns veral die drama, en dit was gedurende die Desember vakansie 1972 wat ons 'n drama fees onder in die Kaap gehad het.

Wie sou "ons" gewees het? --- Ons is SABTU, dit is die South African Black Theatre Union.

Was u 'n lid van daardie unie? --- Ja, weer nie 'n amptelike lid nie, u weet ons het nooit vreeslik amptelik gewerk nie, maar ek was deel van die hele opset, en onder andere ek onthou goed ek was daardie vakansie in die hospitaal, as ek reg onthou het mnr. Moodley my nog kom besoek in die hospitaal toe hy daar was, miskien verbeel ek my dit maar ek dink dit was so, en ek kon nie omdat ek in die hospitaal was die fees bywoon nie, maar my stuk "Kanna Hy Kô Hystoe" het onder andere daar gespeel en die studente

het / ...

het dit gedoen terwyl ek in die hospitaal was. Dit was die aard van ons kontak, ek dink ons het gedurende die hele 1972 daardie soort kontak met mekaar gehad, meer intiem, ek dink dit was die tweede keer wat mnr. Moodley daardie jaar onder in die Kaap was, ek het hom by 'n vorige geleentheid ook ontmoet, ek onthou nog baie goed 'n klein onthaal wat ons vir hom gereël het op kampus destyds. Dit was so die middel van die jaar.

Wat was sy hoedanigheid in SASO op daardie stadium soos u verstaan het? --- Soos ek dit verstaan het was hy dié man wat saam met mnr. Cooper sou ek sê wat verantwoordelik was vir kulturele aangeleenthede.

En was daar enige punt, vernaamlike punt wat julle bespreek het, u en mnr. Moodley? Miskien iets van groot belang, ek bedoel nie al die punte nie? --- Wel as u daaraan dink dat die hele kulturele uiting van Swart Bewustheid vir SASO van die uiterste belang is, dan was ons besprekings van baie groot belang sou ek sê, hierdie begrip van Black drama, dié het ons op die hart gehad.

Was hy geïnteresseerd in Black drama? --- O ja.

Ons sal terugkom na wat bedoel Black drama eintlik, ek wil net die hooftrekke van u kontak, dat u dit op hierdie stadium voor Sy Edele moet uitlê. U het melding gemaak dat u in SASO kantore was te Durban, vertel ons net kortliks hoe het dit gekom dat u daar gegaan het en hoe dikwels u daarheen gegaan het? --- Ja, miskien is ek 'n bietjie vaag daar, maar ek was sekerlik meer as eenkeer daar, ek was daar in 1971 by geleentheid van daardie GSC, as ek reg onthou was daardie GSC by Wentworth, ons was daar tuis by Wentworth, maar ek het natuurlik ook die

het dit gedoen terwyl ek in die hospitaal was. Dit was die aard van ons kontak, ek dink ons het gedurende die hele 1972 daardie soort kontak met mekaar gehad, meer intiem, ek dink dit was die tweede keer wat mnr. Moodley daardie jaar onder in die Kaap was, ek het hom by 'n vorige geleentheid ook ontmoet, ek onthou nog baie goed 'n klein onthaal wat ons vir hom gereël het op kampus destyds. Dit was so die middel van die jaar.

Wat was sy hoedanigheid in SASO op daardie stadium soos u verstaan het? --- Soos ek dit verstaan het was hy dié man wat saam met mnr. Cooper sou ek sê wat verantwoordelik was vir kulturele aangeleenthede.

En was daar enige punt, vernaamlike punt wat julle bespreek het, u en mnr. Moodley? Miskien iets van groot belang, ek bedoel nie al die punte nie? --- Wel as u daaraan dink dat die hele kulturele uiting van Swart Bewustheid vir SASO van die uiterste belang is, dan was ons besprekings van baie groot belang sou ek sê, hierdie begrip van Black drama, dié het ons op die hart gehad.

Was hy geïnteresseerd in Black drama? --- O ja.

Ons sal terugkom na wat bedoel Black drama eintlik, ek wil net die hooftrekke van u kontak, dat u dit op hierdie stadium voor Sy Edele moet uitlê. U het melding gemaak dat u in SASO kantore was te Durban, vertel ons net kortliks hoe het dit gekom dat u daar gegaan het en hoe dikwels u daarheen gegaan het? --- Ja, miskien is ek 'n bietjie vaag daar, maar ek was sekerlik meer as eenkeer daar, ek was daar in 1971 by geleentheid van daardie GSC, as ek reg onthou was daardie GSC by Wentworth, ons was daar tuis by Wentworth, maar ek het natuurlik ook die

kantore / ...

kantore toe besoek. Ek onthou 'n ander geleentheid toe ek, ek dink dit was een aand, wat ek by mnr. Moodley oornag het, en toe was ek by die kantore, en ek dink dit was in 1972.

Mnr. Small, het u voorlesings gegee, of laat ek dit so stel, het u enigiets positief gedoen in die samehang van SASO vergaderings in die Wes-Kaap? --- O ja, ek sal dit baie beslis sê. Heel dikwels op kampus, ek meen dit was heel dikwels bewoë geleenthede, het ons poësie voorlesings gehou, ons het drama gespeel, ek was verantwoordelik vir die drama groep wat ons op kampus by Wes-Kaapland gehad het, daardie drama bestaan, nie in sy oorspronklike vorm nie, nou nog, en dit was miskien my groot bydra, kulturele bydra, dit was die aspek van SASO waarin ek meer belang gestel het seker as enige ander aspek, alhoewel alle aspekte gegee die aard van hierdie filosofie, saamhang - POUSE - ek weet nie of u meer wil weet nie.

HOF: Sal dit korrek wees om te sê u was 'n aktiewe ondersteuner en 'n geesgenoot van SASO? --- Ja, ek kan miskien sê dat ek hou van die woord geesgenoot, ja, en ek sal my posisie baie beslis in daardie terme beskryf.

MNR. SOGGOT: Nou, mnr. Small, kan ons net voordat ons by Black Consciousness kom en wat Black Consciousness is, kan u net kortliks vir Sy Edele aandui watter ervaring u gehad het, watter bedrywighede u gehad het in die samehang van die Kleurling/Swart gemeenskap by die Kaap in so ver dit relevant is om te bewys dat u hierdie mense - daardie mense ken, vernaamlik die studente, kan u net kortliks vir Sy Edele sê? --- Ja. Miskien gaan ek

nou / ...

nou 'n bietjie stadig praat wat die Hof in elk geval sal waardeer, ek gaan 'n bietjie ver terug, maar ek vra u om geduldig maar te wees met my, eenvoudig omdat ek u vraag volledig wil beantwoord. Ek dink dat mense wat bekend is met my poësie, my betrokkenheid by die sogenaamde Kleurling gemeenskap nie sal betwyfel nie. Ek het in daardie gemeenskap groot geword, ek het groot geword met al sy hartseer..(mnr. Soggot kom tussenbei)

Mag ek u hier in die rede val, wanneer u sê sogenaamde Kleurling gemeenskap, sal u later vir Sy Edele verduidelik hoekom u dit so definieer? --- As u my daaraan herinner, ja.

Gaan maar aan asseblief? --- En ek hoop nie die Hof gee om nie, u moet my maar stilmaak as ek buite orde raak, ek moet vir u verduidelik, my vader was toe ek hom leer ken het hoof - jy kan dit eintlik nie hof noem nie want dit was 'n ou eenman skooltjie van daardie eenman skooltjie in 'n buite wyk van Robertson in die Boland, in die buite wyk met die naam Goree - dit is nou nog daar - en ek onthou dat hy onder daardie plaas arbeiders gewerk het, en die eerste mense wat ek leer ken het was daardie plaas arbeiders, en wat ek op 'n tyd beskryf het, en dit was in die teenwoordigheid van Van Wyk Louw as 'n stowwerige menslike toestand. Ek onthou, en dit klink miskien vir u baie ..(mnr. Rees kom tussenbei)

MNR. REES MAAK BESWAAR: Edele, ek weet nie, hierdie relaas van die getuie se geskiedenis, dit is miskien baie interessant, maar met alle respek gesê, hoe graag ek dit ook al wil aanhoor want 'n mens stel belang in die lewensgeskiedenis van sulke persoonlikhede, voel ek dat dit is

heeltemal / ...

heeltemal irrelevant, tensy my geleerde vriend sal aandui hoe dit betrekking het op die klagte teen hierdie beskuldigdes, want die klagte teen hulle is 'n sameswering, dat hulle teen 'n besondere datum saamgesweer het om rassehaat aan te jaag, en om voor te berei vir die omverwerping van die Staat. Die ander klagte wat ter sprake is, is nog 'n klagte dat hulle deur middel van hierdie byeenkomste, die rallies, ook besig was met ondermynende bedrywighede. Hoe interessant ook al hierdie getuie se lewensgeskiedenis mag wees, my submissie is dat dit geensins ter sake is nie, dit is ook nie ter sake - wat sy wêreldbeskouing is is ook nie ter sake nie. Ons stel alleenlik belang in sy getuienis in so ver dit direk lig werp op die aantygings voor die Hof.

MR. SOGGOT: M'lord, my learned friend made the same objection to Dr. Manas Buthelezi's evidence, a part of the charge, M'lord, is that there was an incitement to racial hostility. And Your Lordship has heard the Defence has a particular presentation of its understanding of how certain phrases in certain alleged pieces of incitement are received or would be received in the Black community - I am using Black now in the SASO definition. The probable effect of statements is something which is of relevance in this Court. The intention behind the pronouncement of those statements is a matter - is fundamentally in issue in this particular trial, and the case which has already been submitted to Your Lordship is that when certain statements are made about the existential condition of Blacks, and these statements must necessarily

- so / ...

- so we would submit - involve statements about Whites and the order of society which is imposed by the government, then, M'lord, the psychology of the Black man which would include the Coloured man is of I would submit, fundamental importance to Your Lordship. And in the same way as Dr. Manas Buthelezi described his own experience of the Black community and described what work he did, and what contact he had with them, so Mr. Small, whom we submit - we will submit, M'lord, is a person of eminence and sensitivity, and we would subbest objectivity, despite his "geestelike" association or approval of SASO, we would submit can give evidence of the utmost relevance to the issues before Your Lordship. Now it is true, M'lord, that he has talked about perhaps his adolescent years but that is already the beginning of a fundamental contact, and if he talks about the "stowwerige ..(Court intervenes)

COURT: I got the impression that he was really leading up to Black Consciousness.

MR. SOGGOT: That is so, M'lord.

COURT: Anyway on that basis he may proceed.

MR. SOGGOT: As the Court pleases. Sal u aangaan asseblief, mnr. Small? --- POUSE

HOF: Wel u het gesê u het met Van Wyk Louw se werke in aanraking gekom waar hy die arbeiders daar as stowwerige mense beskryf het? --- Nee, Edele, wat ek eintlik gesê het is dat ek in sy teenwoordigheid self na daardie mense so verwys het. In elk geval my hele kindertyd is deurgebring, tot op die ouderdom van so min of meer tien jaar in daardie omgewing van mense wat baie swaargekry het,

mense / ...

mense teen wie daar - en ek het dit reeds toe opgemerk - gediskrimineer is.

Is dit mense wat tradisioneel genoem word Gekleurde mense? --- Gekleurde mense, ek praat veral hier van die plaas arbeiders, en miskien daar het my eerste verbondenheid met my gemeenskap 'n besliste vorm aangeneem. Ek gaan nie lank daaroor praat nie, ons moet verbeeldingryk oor hierdie dinge dink, op ouderdom min of meer tien jaar is ons Kaapstad toe, en ek het 'n mens van die stad geword, en ek het die probleme van daardie mense wat ek in my kinderdae - jonger as tien jaar - leer ken het, in ander vorme begin sien. As die Hof nie omgee nie dan wil ek alles saamvat deur vir u een van my gedigte te lees, dan hoef ek niks verder te sê nie, en dan gaan ek niks verder sê oor my belewenis van die ervaring in my gemeenskap nie, wat ek dan wil doen is eenvoudig om vir u baie feitelik daarna te sê waarom ek soos u voel, dink dat ek wanneer ek hier staan nie net vir myself praat nie, as die Hof my toelaat om die gedig te lees, dit is 'n gedig uit "Kitaar my Kruis", en as u wil sal ek kommentaar lewer, alhoewel ek dink die gedig spreek vir homself. Ek is 'n digter. Ek was toe nuut getroud met my eerste vrou en sy was ses maande swanger met my oudste seun, en dit is die ervaring wat ons beleef het op 'n bus terwyl ons teruggery het van Houtbaai af by die see, dan so 'n afstand van sê sewe myl. Omstandighede het eintlik in Suid-Afrika wat 'n insident soos hierdie betref nie verander nie, ek lees - die titel van die gedig "Vryheid". GETUIE LEES:

"Die / ...

"Die see ruk teen die rotse by Houtbaai
ons loop en droom en alikruikels pluk
en nes ons harte om mekaar verruk
draai ook die meeue om ons koppe, alles draai
in een groot sonnige maling van
geluk?
ons glimlag, maar ek weet ons wonder, elk banger
as die ander oor die ongebore klein verlanger
na die vryheid, sy my vrou ses maande swanger
sy en ek; ons druk mekaar se hande styf en glimlag
wranger
ons weet
geluk behoort te wees bloot om die lewe
te lowe soos die oomblik dit weerspieël
in die flikkering van verhale op vis en krewe
op elke trots skuimdruppende klein kiel
van bootjies wat nou baai- en see-in wieg
twee duikertjies glip glad vry in die diepe blou
en hoog oor Chapmanspiek
wiek vry
'n voëlpaar verby
hoog bo die bootjies wat hieronder wieg
maar hierdie skoonheid heel nie, maak net siek
en hierdie oomblik lieg!
die leuen kry gestalte
toe ons die bus na Wynberg haal terug
die middag by die 15de bushalte
ons klim die trap, die bus is agter vol
oorvol
agter waar ons die bruines sit, mág sit

kol-kol / ...

kol-kol kom deur die ruite
die sonskyn oor die akkerbome buite -
deel van die droewe hel van hierdie rit
agt sitplekke is oop voor in die bus
vir blankes net
en 'n swanger vrou moet staan, sy's bruin, nie wit
en deur die ruite
kom die sonskyn oor die akkerbome buite -
dell van die droewe hel van hierdie rit
ek vra die kondukteur mag sy maar sit ..
my God, mag sy maar sit
mag sy maar sit!
maar watter voorreg is dit tog is jy nie wit
om te mag sit
God ja
net dit
net dit
om te mag sit ..
dit maal
maal
maal
mal in my kop
sodat ek siek en mislik voel en naar
ek kyk na haar, my vrou, ek kyk na haar
en God, daar in haar oë is weer die verhaal
waarvan die moontlikheid hier onverklaar
steeds bly :
dit pyn, sê sy, maar ons moet liefhê, ons het lief,
bedaar!
ek antwoord haar

ek antwoord met my oë; dit is waar
ek antwoord: ons moet liefhê, ons hét lief,
maar dit is swaar ...
ek vra die kondukteur mag sy maar sit
hy skud die kop
en wys die vinger na die bord, die welbekende bord:
vir blankes net -
vir nie-blankes word vreugde opgeskort
steeds deur die bord -
en 'n vrou ses maande swanger mag nie sit
en deur die ruite
kom die sonskyn oor die akkerbome buite -
deel van die droewe hel van hierdie rit
ons ry
duisel ek dan?
sien ek nou weer die vrye bloue ruim
sien ek nou weer die meeue hoe hulle vlieg
so dromend dralend
ruik ek die soutreuk van die wind
sien ek die visserbootjies kleurryk see-in wieg
hoor ek die see breek teen die rotse en bruis tot skuim
sien ek nou regtig weer die see, hoor ek die see
proe ek, ruik ek, voel ek nou regtig weer die see
die see?
nee! nee! ek sien ek hoor ek proe ek ruik
ek voel -
en moet dit doen, doen as my hele doel -
my eie skreeu om vryheid!
vryheid!
vryheid!

dié / ...

dié van my vrou en ongebore kind
van álle vroue
álle kinders
álle mense wat nie wit is nie ..
die bus ruk
en 'n vrou ses maande swanger staan,
die hele lewe ruk -
is dit vir ons nie-blanke mense dan net waan
geluk?
die bus ruk
en 'n vrou ses maande swanger staan
die hele lewe ruk en ons almal wat nie wit is
nie ons staan
sy staan vir ses, vir sewe myk, sy staan
ons almal staan, staan meer as ses en meer as sewe myl
staan vir 'n hele lewe
en agt sitplekke oop, maar sy moet staan
o God, U hoogste proef is nie die vuur maar die
vernedering!
hoor ek die see sing, sing
hoor ek die meeue sing?
nee! nee!
ek hoor die vryheid
ja die vryheid sing!
want ek sien weer in jou oë die verhaal
en ek soos jy verstaan mos hierdie taal:
dit pyn, sê jy, maar ons moet liefhê, ons het lief
en dit behoort aan óns
aan óns
op elke rit soos dié

met elke ruk van bus of lewe
die geluk!
o God, U hoogste proef is nie die vuur maar
die vernedering!
hoor al ons mense hoor
en hoor jyself o hart
Gods hoogste proef is nie die vuur maar
die vernedering!
hoor alle vroue, alle kinders, hoor mý kind, hoor goed
hoor goed
Gods hoogste proef is nie die vuur maar die
vernedering"

Ek dink nie dit is nodig vir my om enige iets verder te sê oor die soort ervaring wat as Nie-Blanke in my gemeenskap myne is nie, daardie soort vernedering is soos ek in die gedig probeer sê die hoogste toets wat aan enige man in sy gemeenskap gestel kan word. En in hierdie gees het ek oor die jare myself verbind gevoel aan my gemeenskap, ek het geskryf oor hierdie dinge, daar is talle gebeurtenisse soos hierdie in 'n mens se lewe, elke dag, kleiner, groter van aard, en my uitsprake by wyse van Pers artikels, geskrifte, bewys dink ek dat ek hierdie samelewing met my mense gehad het oor die jare, afgesien van wat daar op skrif staan. Ek het nie net in die uniersiteit geleef nie ek het op straat geleef, busse, treine, die teerblad van die straat, die mensdom daar die ken ek, maar nouja, miskien praat ek te lank.

Mnr. Small, u sê u praat van die vernedering, wat eintlik het u gedoen vir u gemeenskap, en watter kontak, afgesien van wat u alreeds gemeld het, het u met hulle

gehad? --- Ja, my grootste bydrae soos ek self sien bloot as die verwoording van hierdie eksistensiële droefheid van my mense ..(mnr. Rees kom tussenbei)

MNR. REES: Sal u net die sin herhaal asseblief? --- My grootste bydrae sou ek sê is die verwoording, die verwoording, nie net as digter nie, maar doodgewone skrywer van hierdie eksistensiële droefheid van my mense, natuurlik het ek ander dinge wat ek in 'n sekere sin as van minder belang beskou ook probeer doen, hier en daar 'n bietjie gehelp met welsynswerk, sogenaamde fisiese opheffingswerk, maar ek dink ek wil graag nou by SASO en Swart Bewustheid uitkom. Die ervaring waarvan ek 'n aanduiding gegee het is ervarings van my mense wat deel van die Swart gemeenskap is, en ek sal vir u verduidelik waarom ek sê deel van die Swart gemeenskap as u my vra. Dit is ervarings omdat in hierdie gemeenskap ons geklassifiseer word as Nie Blank, en oor die jare veral met die jonger geslag wat gedurende die sestiger jare gekom het, het ons hierdie beskrywing van onsself as nie Blank, afstootlik begin vind, afstootlik omdat dit so vernederend was. Ons is die mense wat oorgeskiet het nadat die ander mense genoem is, dit was baie baie sterk die ervaring, dit het die ervaring begin word, sterker en sterker gedurende die sestiger jare. Die woord Kleurling vir die mense in die Wes-Kaap veral, maar natuurlik ook deur die hele land, die mense wat meer onmiddellik seker my eie gemeenskap genoem kan word, dié was ook nie bevredigend nie, ek onthou goed dat Van Wyk Louw in een van sy geskrifte heeltemal tereg dink ek sê dat hy nie van die woord Kleurling hou nie, omdat daardie

"ling" / ...

"ling" plantasie konnotasies het, en nouja, ek dink Van Wyk was 'n man wat sy taal deur en deur geken het, en hy sou tog weet. In elk geval die woord Kleurling soos dit op ons Wetboek staan, en ek dink ons kan heeltemal objektief daar gaan kyk hoe dat Kleurling gedefinieer word op ons Wetboek, is dit 'n definisie - as dit 'n definisie is van mense wat oorbly nadat al die ander mense in die land klaar gedefinieer is, 'n Witman is 'n Witman selfs volgens die Witman se begrip is 'n Bantoe 'n Bantoe, en daar is 'n positiewe definisie of ten minste 'n soort positiewe definisie, maar die Kleurling is die mens wat oorskied nadat al die ander mense gedefinieer is. U kan seker ons gevoel in hierdie verband verstaan as u verbeeldingryk dink. In elk geval laat my terugkeer tot die woord Nie-Blank, ons almal wat dan as Nie-Blankes geklassifiseer is, soos mense wat in terme van 'n ander mens, 'n ander wese, 'n ander persoonlike gedefinieer word, en daardie "nie" het vir ons 'n steen des aanstoots geword, en onder die jongmense veral was daar hierdie nuwe soeke na identiteit. Ons wou positief beskryf word. Nou goed, as ons dan nie Wit is nie, en ons wil nie Nie-Blank genoem word nie, wat word ons genoem? En ons het besluit dan word ons Swart genoem, dan word ons Swart genoem, en ons het gedink dit is ten minste termologies 'n oplossing, en ek het gevoel, ek as filosoof, as digter ook, dat dit redelik was vir die jongmense om so te voel. Dit was iets moois vir my, hierdie strewe na 'n positiewe identiteit. Ons het 'n bietjie na die letterkunde, ook groot letterkunde gekyk, en ons was teleurgestel, selfs in die Bybel - en ek moet vir die Hof sê dat die Bybel in die

lewe / ...

lewe my grootste inspirasie is en bly, ek het so groot geword, en ek sal seker so sterwe - maar selfs in die Bybel as jy die Hooglied van Salomo lees, dan staan daar: "Ek is bruin maar mooi", en daardie "maar" het vir ons apologeties gelyk, hoekom maar - ek is bruin en mooi. In die Engelse King James vertaling staan daar: "I am Black but comely" - hoekom "but"? In elk geval ons het gevoel dat ons as't ware deur die geskiedenis, ook die letterkundige geskiedenis, moet ek die woord verraai gebruik? Dit is miskien te sterk. Maar dit was ons gevoel, en in die nuwe skrywe wat ons sou doen sou ons daardie eksistensiële onreg wat ook uit die letterkunde geblyk het teen ons probeer regstel.

Nou kan u by Black Consciousness soos dit uiteengesit is deur SASO aansluit asseblief? --- Miskien moet ek net vir die Hof sê in verband met wat ek so pas gesê het, dat dit my natuurlik uitbring by interpretasie van sekere van die geskrifte later, as die Hof daarin belangstel, van manier van skrywe, die soort ding wat gesê word. Kan ek net weer die vraag kry asseblief?

Kan u nou vir Sy Edele vertel van Swart Bewustheid in die samehang van SASO en miskien kan u begin met u eie artikel "Blackness versus Nihilism", u het daardie artikel voor u? --- Ja, ek het daardie artikel hier voor my.

General EXHIBIT K ..(Court intervenes)

COURT: Well we have it in EXHIBIT HH, if it is the same article.

MR. SOGGOT: M'lord, it is I think General K.5, on page 14. Mnr. Small, ek sien u het 'n afskrif van - of miskien die / ...

die oorspronklike van die artikel voor u, is daar enige verskil tussen wat u nou voor u het en die oorspronklike? --- Nee, daar is nie 'n verskil nie, behalwe dat ek dink dat daar 'n paar drukfoute in die gepubliseerde weergawe voorkom, maar ek dink nie dit maak saak nie, miskien moet ons maar na die gepubliseerde weergawe kyk sodat ons almal dieselfde stuk voor ons het.

Nou sal u so goed wees om kortliks vir ons te verduidelik eintlik wat u argument sou gewees het in ....WEG VAN MIKROFOON .. en hoe dit aansluit indien so by die Swart Bewustheid idee? --- Ja. Miskien moet ek net u aandag kortliks vestig op my begrip van die nihilisme, soos ek die term hier gebruik, ek wil nie die agtergrond hier skets nie want dit sal ons lank neem, dit is eenvoudig die begrip van die gebrek aan persoonlikheid, gebrek aan wesenlikheid as u wil ..(mnr. Soggot kom tussenbei)

Die konsep van nihilisme, het dit miskien iets besonder te doen met die Duitse skrywe Nietzsche? --- Ja.

En het u enige besondere studie gemaak van Nietzsche? --- Ja, my Meesterskripsie het onder andere oor Nietzsche gegaan, die volle titel van daardie skripsie as ek dit reg onthou was "An enquiry into Nicola Hartman's appreciation of Nietzsche's axiology".

En wat bedoel die woord axiology? --- Axiology is waardeleer - theory values if you like.

Ja, gaan maar aan? --- Ek het reeds vir u probeer verduidelik hoe dat die term Nie-Blank ons getref het, ons wou wegbeweeg van Nie-Blankheid, ons wou 'n positiewe wese hê, ons het die woord Swart begin gebruik. Ek gaan voort om te praat oor die inhoud van hierdie Swart Bewustheid

- Black awareness. Ek onderstreep, ek dink ek onderstreep baie swaar, baie duidelik dat ons nie 'n Swart rasisme wil beoefen nie, dat ons nie anti-Wit probeer wees nie, dat ons bloot positief en volledig onsself wil wees. Dit is min of meer kortliks die inhoud van die artikel, destyds het dit vir gelyk, en dit lyk vir my nog so, asof protes aksie eintlik nie wesenlik deel is van die intrinsieke Swart bewustheid filosofie nie, eenvoudig omdat protes aksie 'n reaksie is. Heelparty van ons het daardie soort ding oor en oor en oor gesê, die geskrifte is daar, ons kan daarna kyk as ons wil, ek noem dit eenvoudig omdat ek dink dit 'n belangrike deel is van die stuk wat ek daar voorgedra het. Nouja, ek het apartheid daar beskryf as 'n filosofie wat verwydering bring tussen mense, die nuwe belewenis as Swart moes ons uiteindelik bring tot waar ons weer een sal wees, een in die sin dat ons sal weet hoe om met mekaar soos mense in Suid-Afrika oor die weg te kom. Ek weet nie of u wil hê ek moet verder op die artikel uitbrei nie, dit is in elk geval daar om te lees.

U sê op bladsy 5 van die artikel op die linkerkant: "The fact that we do not make colour of the skin the basic criterion of our blackness, must be evident that blackness is not racist. We have seen enough of White racism, we have suffered enough from its meaning, we cannot want to be racist in our blackness". U het alreeds verduidelik dat u wou dit eintlik beklemtoon, nou in u ervaring met SASO lede en die dokumente van SASO, het u hulle verduideliking van Swart bewustheid anders gevind as u s'n of wat sou u sê? --- Die mense wat ek in elk geval ontmoet

het / ...

het ..(mnr. Soggot kom tussenbei)

My vraag was miskien 'n bietjie lomp, mnr. Small, as u my nie heeltemal mooi verstaan nie? --- Nee, ek dink ek verstaan heeltemal, die mense wat ek ontmoet het het een ..(mnr. Rees kom tussenbei)

MNR. REES MAAK BESWAAR: Ek objekteer hier, Edele, die man gee hierso deskundige menings oor dinge wat duidelik hoorsê is. Hy kan vir ons vertel, indien dit toelaatbaar is, of my geleerde vriend kan hierdie mense roep om vir die Hof te kom sê hulle het dié dat en die ander ding aan die getuie vertel, dit is wat hulle sê hulle beleid is, die getuie kan dan sê volgens sy deskundige mening maak hy hierdie en daardie en daardie afleiding daar. Maar hy kan nie hier kom sê: volgens wat ek met daardie mense gepraat het, is hierdie my afleiding nie, indien hy 'n deskundige mening wil uitspreek, dan moet hy daardie feite volgens die beginsels van die bewysreg aan die Hof voorgelê word, dan kan hy sy mening uitspreek, en hy kan dan vir die Hof sê: op grond van daardie en daardie en daardie oorwegings is dit my mening. Maar hier gee hy 'n mening gebaseer op pratery wat hy met buitestanders gehad het. Of indien my geleerde vriend wil hê die getuie moet afleidings maak van dokumente voor die Hof, moet hy dit aan die getuie voorlê dat die getuie vir ons sê: dit en dat en dat is my afleiding.

MR. SOGGOT: M'lord, my question includes the phrase documents, and I think that this witness, apart from any question of expertise, and he is a philosopher so he is par excellence an expert in this field, is entitled to say - and my learned friend cannot dictate to me and say

that / ...

that I must put every Black Consciousness document under his nose, I am entitled to ask the question and this witness is entitled to say whether from the totality of his experience of SASO people and their documents, whether there was ever a different emphasis or understanding by them of the Black Consciousness.

COURT: Well if he has to refer to the documents, they are with us, we can make the comparison if necessary.

MR. SOGGOT: No, that is so, M'lord, that is certainly so, but I think that it is important since he was in the orga.isation, and to deal with any suggestion, M'lord, that there might have been a covert different emphasis anywhere that it is admissible and permissible if not necessary for him in fact to say from his experience with SASO people, whether in an official or an unofficial milieu, and from their documents, he understood their approach and their exposition to be different.

COURT: Well he is not a member of SASO, you are really then asking him to give an expert opinion as to what the documents show.

MR. SOGGOT: With respect, M'lord, it is not a question of an expert opinion, it is a question of what they say.

COURT: Yes, well then you must first construe what they say, and then he has to tell us how it compares with his, now we have got this article of his, we can read this article, and if there is a comparison to be made, well the Court is in a position to make the comparison.

MR. SOGGOT: Well, M'lord, that does leave the question of oral statement, he has been to a GSC where there were oral statements made, there might be a suggestion that

things / ...

things which are not printed are of a different quality from what is printed.

COURT: No, was everything said at that GSC, unless you can say in evidence that every GSC is exactly the same.

MR. SOGGOT: No, M'lord, I am only interested in his giving evidence of his own experience, his experience might be segmental, but it is relevant, because when he has had contact with them, what have they been saying in regard to the Black Consciousness. M'lord, I may perhaps to save argument simply put it to him what he understands the doctrine of Black Consciousness as espoused by SASO to be, and again that is not a question of his expert evidence or any expert evidence but his experience ..(Court intervenes)

COURT: Then you will first have to find out on what basis he will say that, lay the foundation.

MNR. SOGGOT: Mnr. Small, sover SASO betref, het u verduidelikings òf in die literatuur, òf mondelings, of beide, getref, sover SASO aangaan? --- Ja, ek verwys net weer na daardie GSC wat ek in 1971 bygewoon het en waar ek hierdie voorlesing gedoen het, daardie was die GSC waar die beleidsmanifes geformuleer was, en dit was inderdaad toe - dit is die beleidsmanifes gepubliseer in dieselfde SASO newsletter, ek dink die datum is Augustus 1971 - ja, dit is reg, waarin hierdie artikel van my wat die lesing was, toe ook gepubliseer is, en toe was daar natuurlik die pamflet "SASO 1972" wat bietjie later gekom het, en wat ons daar kry is weer die beleidsmanifes, basies dieselfde inhoud sou ek sê en wat ek verstaan het SASO beleid is en was, dit was vir my nog altyd die 1971 en

1972 / ...

1972 formulering van daardie beleid in SASO se eie woorde.

Eintlik die beleid is te vinde op bladsy 10 van hierdie selfde dokument, sal u net daarna kyk? --- Dit is reg, ja. Ek dink dit stem feitlik woordeliks ooreen met die SASO 1972.

Nou soos u SASO beleid verstaan het, was daar enigiets wat anti-Wit was in die inhoud daarvan? --- Nie wat ek kan agterkom nie, om die waarheid te sê die dokument stel dit uitdruklik dat "anti-Whitism" nie die bedoeling is nie, en ek dink ons kan dit daar lees, ek het dieselfde beklemtoning in my voorlesing gemaak.

En, mnr. Small, ek beperk my nie tot die SASO manifesto alleen nie, maar die SASO newsletters en al die geskrifte van SASO wat u teëgekom het, het u enigiets in daardie dokumente gekry wat aangedui het dat SASO nou besig is om rassehaat aan te voer of aan te blaas?

MR. REES: We do not know what documents the witness is referring to, M'lord.

MR. SOGGOT: My learned friend is being rather monotonous now, M'lord, the ..(Mr. Rees intervenes)

MR. REES: With respect, I am entitled to object if my learned friend is not following the procedures, he knows perfectly well that if he wants this witness to express an opinion he must lay the documents before him, we cannot have a vague generalisation as such because it is worthless and it wastes the Court's time, and in the end I will have to ask the Court to strike it off the record, which is quite unnecessary.

COURT: I think your question is so wide, Mr. Soggot, you will have to confine it to documents that he has seen.

Mr. / ...

MR. SOGGOT: M'lord, it is deliberately wide, because he has had a totality of experience of years of contact with the literature.

COURT: Did he say so?

MR. SOGGOT: I will deal with that, M'lord. Mnr. Small, ek dink u het gesê, of laat ek die vraag stel, het u hierdie SASO newsletter ontvang? --- Ja.

Dit wil sê BEWYSSTUK K.5? --- Dit is die SASO newsletter van Augustus 1971?

Dit is so? --- Ja.

U het daardie een ontvang? --- Ja.

Hoe het u dit ontvang? --- Ek het dit deur die pos gekry soos gewoonlik.

Het u enige ander SASO newsletters ontvang? --- Van 1971 tot 1973 het ek newsletters ontvang.

In die pos of hoe? --- Ek het dit deur die pos gekry en ek het natuurlik ook deur die SASO tak wat toe by Wes-Kaap gestig was die newsletters gekry.

Nou laat ons - as ek die vraag eers wyd mag stel - this is of course subject to Your Lordship's permission, if I may repeat the question - in die newsletters wat u ontvang het in daardie jare 1971 tot 1973, het u enige indruk gekry dat SASO nou besig is om rassehaat aan te blaas? --- Ek dink ek kan met alle eerlikheid sê dat dit nie my indruk was nie, ek dink daar is heel dikwels baie besliste onderstreping van die feit dat die SASO denke nie as anti-Wit of as rassisties in daardie sin beskou moet word nie.

Nou terwyl ek nog besig is met wye vrae, het u enigiets daarin gekry wat aangedui het nou SASO is besig

om / ...

om geweld, om te suggereer dat geweld nou gebruik moet word, of dat dit die oplossing is van die probleem? --- Nou en dan het 'n mens die indruk gehad dat daar baie sterk en baie kras gepraat word, en my ervaring, omdat ek my gemeenskap dink ek so goed ken as deel van die Swart gemeenskap, was en bly dat ons hier te doen het as't ware met krete van hulpeloosheid deur mense wat natuurlik jonk is en as 'n mens jonk dan druk jy jouself heel dikwels maar baie sterk uit, ek het dit self gedoen toe ek jonk was. Maar my indruk was seersekerlik nooit dat hier anti-Wit rassisme ter sprake was nie.

En sover die beleid aangaan van SASO, wat het u verstaan was hulle doeleindes? --- Die doelstellings van SASO?

Ek is jammer, die doelstellings van SASO? --- Vir my was die doelstellings van SASO bo alles altyd en deurgaans die bevordering van hierdie positiewe persoonlikheid, psige, as u dit so wil noem, ek hou nie daarvan om hierdie groot woorde te gebruik nie - wat die Swartman betref, wat die jongmense veral betref, en natuurlik met my belangstelling by die Universiteit van Wes-Kaapland en in my gemeenskap in die welsyn van ons jongmense, het ek spesiale aandag gewy aan hierdie aspek. Ek dink dit staan daar in die SASO manifes as die heel eerste punt of een van die heel eerste punte aangestip.

Kan u daarna verwys asseblief op bladsy 10 "SASO is 'n Black student organisation" --- Ja.

"Working for the liberation of the Black man first from psychological oppression by themselves through an

inferiority / ...

inferiority complex, and secondly from physical oppression accruing out of living in a White racist society"? --- Dit is waarna ek verwys, ja.

Nou wat het u verstaan SASO was besig om te doen om die doelstellings van "physical oppression" om vryheid van "physical oppression" - fisiese onderdrukking te, om dit te verwesenlik? --- SASO het natuurlik 'n program van sogenaamde gemeenskaps projekte nagestreef, my eie indruk is dat daar nie veel van gekom het nie, maar tog daar was pogings aangewend deur byvoorbeeld die "free university" skema, om studente te help by wyse van beurse om hulself verder te bekwaam, en die hele gedagte van gemeenskaps projekte eintlik ook sekere soort welsynswerk, dié myns insiens wat die mense in gedagte gehad het wanneer daar sprake was soos wat hier is van bevryding van "physical oppression".

En wat het u verstaan die SASO mense sou met die Witmense doen indien die nuwe "egalitarian society" verwesenlik word? --- Twee dinge moet ons hier op let sou ek sê, heel eerste is natuurlik dat daar deurgaan ssprake is van die komende egalitêre gemeenskap - the coming egalitarian society, en u het dit nou net genoem, en keer op keer vind ek in elk geval in die geskrifte, en ek dink dit staan daar in my artikel ook, dat ons vir altyd in Suid-Afrika met mekaar sal moet saamleef, ons almal hoort hier, Swart, Wit, wat jou kleur ook al mag wees, dit is 'n land uiteindelik vir ons almal.

COURT ADJOURNS

COURT RESUMES:

ADAM SMALL, NOG ONDER EED: Mnr. Small, mag ek u verwys na algemene bewysstuk K.5, dit is dieselfde newsletter wat u eie artikel oor Black Nihilism bevat. Ek het u gevra om hierdie hele newsletter deur te lees, kan u vir Sy Edele sê met verwysing na hierdie spesifieke newsletter of, sover u betref, daar enigiets daarin is wat rassehaat in u aanblaas? --- Ek dink nadat u my gevra het om daardeur te lees het ek taamlik deeglik daardeur gewerk, ek het natuurlik nie elke woord daar raakgesien nie, maar ek kan eerlikwaar nie sê dat daar enigiets is wat my getref het as sou dit rassehaat in my kon aanwakker nie.

En nou sover as die Kleurling studente soos u hulle ken, sou u sê dit enige neiging sou hê om by hulle rasse haat ..(mnr. Rees kom tussenbei)

MNR. REES: Ek objekteer daarteen, Edele, die getuie kan vir ons sê wat sy waarnemings was, maar hoe kan hy vir ons sê die mense soos hy hulle ken of dit rassehaat kan aanblaas of nie, dit is 'n opinie wat geensins gefondeer kan word nie.

MR. SOGGOT: It is opinion, M'lord, and Your lordship allowed the leading of similar evidence from persons such as Mr. Biko and Dr. Manas Buthelezi. My submission is, M'lord, this witness is a person who on his own evidence is steeped in the thinking and activity of his community, and also the Black student community, the Coloured student community at the University of the Western Cape, and my submission is it would be difficult to find any single person who in fact could more ably attempt to give Your Lordship evidence as to what the

probable / ...

probable effect of such statements would be on the students in the Western Cape. We have had evidence about Black students, M'lord, about the Black population, Black meaning African, and my submission is that the same principles of admissibility would apply to Mr. Small's evidence in this regard.

MNR. REES: Edele, as 'n opinie is dit waardeloos, die getuie kan sê wat sy eie ondervinding is of wat se effek dit op hom gehad het, maar my submissie is hy kan nie onder enige omstandighede sê hoe 'n ander persoon gaan reageer nie. Dit is tog die funksie van die Hof om objektief te kyk en te sê dit is wat die Hof sal verwag, en wat hierdie getuie se opinie is hoe ander mense sal verwag is 'n poging om deur hom eintlik die Hof se funksie te probeer oorneem. En my basiese beswaar is (1) dat dit is 'n mening, wat nie toelaatbaar is nie, en (2) dit is duidelik waardeloos en derdens die getuie is iemand wat die dinge duidelik uit 'n SASO oogpunt benader, en hy was - dit is voldoende.

HOF: Is dit nie aanvaar dat elke dokument moet in die lig van omstandighede vertolk word nie?

MNR. REES: Dan moet hy vir ons die omstandighede gee, nie sy opinie nie.

HOF: Wel hy sê hy ken die gemeenskap, hy het groot geword in daardie gemeenskap en hy kan namens die gemeenskap praat.

MNR. REES: Edele, ek het groot geword in Pretoria, en ek hou myself nie voor dat ek namens die Pretorianers kan praat nie.

HOF: As 'n dokument 'n sekere betekenis gegee word, dan kan u sê of dit 'n aanvaarde betekenis is, met die agtergrond.

Mnr. / ...

MNR. REES: O, 'n mens kan sê daardie dokument vertolk ek so en ek vertolk hom so met my agtergrond, maar ek kan nie praat van iemand anders wat in Pretoria groot geword het en sê omdat hy in Pretoria groot geword het hy weet daar is 'n staalfabriek aan daardie kant en hy weet dat die elite woon aan daardie kant, daarom kan hy tot hierdie en daardie gevolgtrekking kom, hy kan vir ons kom sê, as 'n mens in Pretoria is dan sou jy verwag dat die mense sal weet dat daar 'n staalfabriek aan die westekant het, en hy het twee berge aan hierdie kant en hy is redelik dig bewoon aan hierdie kant, maar hy kan nie kom sê hoe 'n gemiddelde persoon gaan reageer nie, dit is onmoontlik, Edele. Hy kan sê hoe hy reageer en waarom hy so reageer, maar hy kan nie vir ons sê hoe hy dink 'n ander persoon gaan reageer nie.

COURT: I think you will have to limit the question, Mr. Soggot, he cannot just construe it generally, he can only construe it within his own milieu.

MR. SOGGOT: Well, M'lord, may I explore what he considers his milieu? Mnr. Small, laat ons nou begin met die Swart studente by die Universiteit van Wes-Kaap. Kan u getuienis lewer volgens u omtrent hoe hulle sou reageer op sekere woorde en uitdrukkings waarna ek u sal verwys? --- U praat nou van studente by die Universiteit van Wes-Kaapland?

Ja, dink u u is in staat om Sy Edele te kan sê wat hulle reaksie sou wees? --- In alle nederigheid ek dink eerlikwaar ek kan.

M'lord, my submission is that in the end his expertise may or may not be accepted, but my submission is / ...

is he is an expert. In the end the question is the weight which can be accorded to his opinions. As Your Lordship indicated to my learned friend, I would submit that it is well known in our Courts that words in themselves can have any meaning and no meaning, and one knows the celebrated case of the Basters, for a Baster to be called a Baster is a matter of pride, and if one were dealing with a defamation case relating to Baster in that community, Your Lordship would obviously have evidence relating to the way these people think, and my submission, M'lord, is that this man belongs to a particular ..(Court intervenes)

COURT: But he cannot express a general opinion, I have to come to a conclusion on that as to the evidence as a whole, but if he gives evidence on matters which he has no authoritative opinion, well then it clutters up the record.

MR. SOGGOT: Well, M'lord, he is authoritative in the sense that he knows his people.

COURT: Well, you can ask him about that, about his students and about his area, but I don't think he professes to speak on behalf of people in the Transvaal and Natal.

MR. SOGGOT: No, M'lord, I have deliberately confined my question to the community that he has talked about.

COURT: I thought that you had asked a general question.

MR. SOGGOT: M'lord, then if I asked that it is my fault and I apologise, I intended him to talk only about the Black Coloured community as he knows it. Sal u antwoord asseblief, mnr. Small, sover die Swart Kleurling gemeenskap in die Kaap soos u dit ken, en vernaamlik die

studente / ...

studente by die universiteit, kan u vir Sy Edele sê of daar enigiets is in hierdie newsletter van Augustus 1971 wat by hulle rassehaat sou aanwakker of aanblaas? --- Soos ek vir u gesê het ek het taamlik deeglik deur die newsletter gelees, en ek vind daar waarlik niks in wat volgens my mening die studente daar en die gemeenskap daar tot rassehaat kan aanspoor of kon aanspoor nie.

Ja, nou ek wil u net verwys - laat ons byvoorbeeld selfs u eie artikel neem, dit sal op bladsy 16 wees, u sê op die regterkant en dit is die derde paragraaf van onder af, u sê in die middel van daardie paragraaf - M'lord, this is the paragraph which starts "our blackness", u sê ongeveer in die middel van daardie paragraaf:

> "On all fronts we will be discovering our worth the worth that Whites cannot be truly concerned about in so far as they, however well motivated they may be, they cannot penetrate to it, at least not at this stage of the world's history. At this stage of the world's history nihilism as Nietzsche sought, that it is the sheer self-interest sits fast in the breast of the White man, every White man despite himself, his position in respect of the Black man is defined realistically, it is not otherwise just now. This is a stage of our world's history, therefore, also we have to find the means to do so".

In verband met daardie paragraaf, gee ons 'n voorbeeld, sou dit enige effek hê in die rigting van die aanwakker of aanblasing van rassehaat? --- Nee, glad nie, ek dink glad

nie / ...

nie so nie, ek wil 'n bietjie uitbrei op wat ek bedoel wanneer ek sê dat dit nie die geval is dat dit rassehaat daar in daardie omgewing sal aanwakker nie. Ek het vir u vroeër 'n aanduiding probeer gee van die soort ervaring wat myne is, wat die ervaring is van elke persoon in die betrokke gemeenskap waar ons dit nou het, elke dag, jaar in en jaar uit, en wanneer jy iets sê of skryf soos wat daar voor ons staan, is dit veral die denkende mens 'n natuurlike reaksie dat niks nuuts gesê word nie. Dit is so, en daar is nie sprake van 'n vlam van rassehaat wat skielik opflikker klein of groot nie.

Mnr. Small, in BEWYSSTUK SASO E.1, is daar 'n gedig wat u geskryf het op bladsy 3? --- O ja.

Kan u net vir ons - dit is u gedig nie waar nie? --- Ja.

En dit is geskryf na die inperking - -- Ja.

Of die bevel wat hierdie persone verbied het om verdere bedrywig te wees in hulle organisasie. Nou kyk daaronder op dieselfde bladsy "an address by Mrs. Sam Moodley at U.N.B. het u hierdie artikel gelees? --- Ek het die stuk van mev. Moodley gelees, ja.

Die hele artikel? --- Ek het die hele artikel gelees, ja.

Nou ek wil u net verwys na 'n paar dingetjies, sy begin:

"I shall begin my address by quoting this poem 'Oh Black man dream of your pride'"

en so gaan dit aan, het u dit, en dit sê ook: "To give to Africa the latest respect, to pluck from this land the marauding rapist". Nou hoe verstaan u hierdie stuk poësie?

U / ...

--- U verwys nou na die Hoodley gedig? Of liewers die gedig wat sy aanhaal.

Ja, net hierdie paar reëls? --- Ja, is daar enige spesifieke deel van daardie gedig waarin u belangstel?

Nee, nee, sê vir ons net hoe u dit verstaan en of dit rassehaat sou aanblaas? --- Gee u om as ek dit net gou vinnig vir myself lees?

Asseblief? --- POUSE TERWYL GETUIE LEES - Ek het dit natuurlik voorheen gelees, ek dink dit is in beeldspraske daar gebruik, ek dink die deel waarin die Hof miskien veral belangstel is die "marauding rapists, that each they kill our beautiful children", en wanneer u dink aan wat ek vroeër gesê het in verband met die soort ervarings wat Swart ervaring elke dag is, dan verstaan u beter wat bedoel word wanneer daar hier sprake byvoorbeeld van "kill" is, wanneer daar sprake is van "marauding rapists", ek dink op die oog af lyk daardie woorde na verskriklike woorde, woorde wat rassehaat sommer so sal aanblaas. Binne die konteks van daardie gedig egter, is dit vir my baie duidelik dat daar sprake is van die doodmaak van die persoonlikheid waaroor ek gepraat het, die doodmaak of die minder maak as u wil van daardie persoonlikheid deur die soort ervarings waaroor ons dit alreeds gehad het - ek weet nie of u wil hê ek moet verder daaroor praat nie?

Sover as wat Black Consciousness betref, is dit iets nou wat eers ontstaan het binne die raamwerk van SASO of wat? --- O nee, glad nie, Swart poësie, Black poetry het 'n hele lang geskiedenis, daar is 'n Amerikaanse

agtergrond / ...

agtergrond, daar is ook 'n Afrika agtergrond, ons kan daarop uitbrei as u wil.

Wanneer en deur wie, die Afrika agtergrond? --- Die Afrika agtergrond, as ek dink aan my Wes-Kaapse studente dan het ons byvoorbeeld heel dikwels so 'n bietjie gekyk na Leopold Senghor, ek verwys hier na die groot Swart digter en ook staatsman, die president van Senegal, en daardie hele tradisie van „negritude" wat rondom Senghor en deur hom hoofsaaklik miskien ander digters ook opgebou is, ek verwys hier veral na die dertiger jare.

En Senghor homself, hy is 'n Franse skrywer of digter nie waar nie? --- Senghor word beskou in die Franse wêreld as 'n digter van formaat, ja.

En het hy ook poësie geskryf betreffende Suidere Afrika of Suid Afrika? --- Senghor het daardie hele Afrika bewustheid in die begrip „negtitude" probeer raakvat, en in Wes-Kaap is daar seker heel dikwels deur ons uit Engelse vertalings van Senghor se werk voorgelees.

Mnr. Small, in hierdie gedig, daar is 'n verwysing na Africa, as daar nou verwys word na "marauding rapists" na wie dink u verwys die digter? --- Dit is interessant, u moet natuurlik verstaan dat 'n gedig 'n gedig is, dat 'n gedig nie noodwendig een enkele betekenis het nie. Wat is nou die presiese betekenis van daardie woorde? Ek kan vir u sò sê, 'n ander man kan hier kom staan wat miskien meer nog van die letterkunde weet as wat ek weet en vir u heeltemal iets anders sê, maar my interpretasie daar is dat dit Witmense mag wees, dit mag Swartmense wees wat volgens SASO sienswyse of Swart bewustheid sienswyse vir

hulle / ...

hulle soos sekere soort Witmense gedra, ek dink die Hof weet wat ek daarmee bedoel. Met ander woorde die soort mens na wie daar dikwels in die Volksbond as uitverkopers verwys word, met ander woorde dit kan mense van enige kleur wees - as u spesifiek belang gestel het daarin dat ek na kleur moes verwys hier. Dit kan mense van enige kleur wees.

Mnr. Small - Edele sal my verskoon as ek die vraag alreeds gevra het, hierdie artikel wat blykbaar 'n weergawe is van die toespraak van mev. Moodley, u het dit deurgelees? --- Ek het dit deurgelees.

En vind u dat dit 'n artikel is wat enigsins rassehaat in u aanwakker? --- Glad nie, my indruk inderdaad is dat dit 'n baie sag bewoorde stuk is, ek weet nie, ek kan vir u daaruit aanhaal om te bewys wat ek daarmee bedoel.

Asseblief? --- Sy beklemtoon weer Black Consciousness - Swart bewustheid, en die indruk wat ek kry wanneer sy dit oor optrede het, ons moet nou optree, is eenvoudig dat daardie Swart bewustheid ingeskerp moet word, en die hele stuk het vir my die aard van 'n idealistiese benadering tot aksie, ek lees vir u sommer so: "It needs to be reiterated that - (in die tweede paragraaf op bladsy 9, so tien reëls na onder toe) - it needs to be reiterated that the only viable means of the achievement of liberation is Black Consciousness, and what does Black Consciousness call for, it calls for total commitment of Blacks to a central ideology, to a way of life, all of us who believe in the philosophy of Black Consciousness must live it, practise it and spread it to

the / ...

the other Black people who have not yet acquainted themselves with it". En dit is wat ek bedoel wanneer ek sê dat daar is sprake van optrede en van aksie, en dit is deurgaans idealisties van aard.

Mag ek u asseblief verwys na Aanhangsel 2(i) van die klagstaat, dit is eintlik 2(i), 2(ii) en 2(iii), en Aanhangsel 3. Ek het vir u gevra om daardie dokumente, dit wil sê die Chatsworth pamflet, kan u net dit deurkyk, daar is drie Chatsworth pamflette, u identifiseer dit, mnr. Small? --- Ja.

En daar is ook 'n "Information Brochure", Aanhangsel 3, u het dit deurgelees? --- Ja.

En ook Inkululeko - het u kans gehad om Inkululeko deur te gaan? --- Watter bladsy is dit?

Dit is Aanhangsel 4? --- Ja.

Het u geleentheid gehad om die hele Aanhangsel 4 deur te gaan of nie? --- Ek het deur hierdie hele aanhangsel gewerk, ja.

Ek bedoel die Inkululeko Yesizwe, het u dit deurgegaan? --- Ja, ek het weer nie elke woord nie, maar ek het taamlik deeglik daar deurgelees.

En in verband met al daardie aanhangsels, vind u daar enigiets wat by u of by lede van u gemeenskap ..(mnr. Rees kom tussenbei)

<u>MNR. REES:</u> Ek objekteer weer, gelede van die gemeenskap, laas skoot het my geleerde vriend hierdie soort getuienis ingekry deur te sê hierdie man is 'n deskundige op die Wes-Kaapse universiteit, nou probeer hy met 'n ding wat aan Indiërs uitgereik is in Durban, Chatsworth pamphlets, dieselfde opinie in te druk, Edele.

Mr. / ...

MR. SOGGOT: M'lord, I am talking about his community and how they would - but, M'lord, I am quite happy on this particular document to confine it to his own responses. Sover dit u betref, daardie dokumente, mnr. Small, is daar enigiets daarin wat by u rassehaat aanblaas? --- Weer dink ek dat ek heeltemal eerlik kan sê dat dit nie die geval is nie, wanneer ek hierdie soort ding lees, dan sê ek vir myself: ja, ek weet waarom iemand so sal skryf, ek weet presies wat se soort ervaring daaragter lê, ek is daardie ervaring al so gewoond, ek het so gewoond geraak daaraan oor die jare dat geen gevoel by my aangeblaas word, geen gevoel van wat u noem rassehaat nie.

Om net af te sluit, het u bedank sover u werk by die universiteit betref? --- Ja, ek het my pos in 1973, dit was teen die middel van die jaar, bedank, u verwys nou na die Universiteit van Wes-Kaapland?

Ja? --- Dit is reg, ja.

En in watter omstandighede het u bedank, kan u net kortliks vir ons sê hoekom u bedank het? --- Baie kortliks ons het studente probleme, verhoudings probleme met die universiteitsowerhede, met die atmosfeer by die universiteit gehad, en dit was 'n toestand wat opgebou het oor jare, en ek het alreeds verwys na nuwe gewaarwordinge in die sestiger jare by die jonger geslag mense. In elk geval die toestand het ondraaglik geword, my eie siening van die saak is dat die studente hulself goed gedissiplineerd gedra het, gedurende daardie hele tydperk het ons byvoorbeeld nie een enkele ruit by daardie ..(mnr. Soggot kom tussenbei)

Mnr. / ...

Mnr. Small, ek wil eintlik nie besonderhede hê nie? --- U wil nie hê ek moet in besonderhede ingaan nie, nee maar goed.

Kan u net kortliks verduidelik hoekom u bedank het? --- Eenvoudig omdat ek my met die studente geïdentifiseer het in hulle strewe om 'n vryer universiteit en inderdaad om 'n vryer gemeenskap, en ek het destyds op daardie tydstip, dit was die middel van 1973, baie sterk gevoel dat sou ek my volledig eenhonderd persent volledig by die studente skaar, met hulle saak identifiseer, dit die gemeenskap sou beweeg om te vra om baie baie hard te vra dat daar 'n beter bedeling kom by die Universiteit van Wes-Kaapland, en as ek nou terugkyk dan dink ek dat ons nie heeltemal ontevrede kan voel nie, want daar het tog verbeteringe gekom.

Ja, en net een laaste vraag, daar was heelwat gepraat oor Swart teater, kan u net kortliks vir Sy Edele verduidelik wat Black Theatre sou wees, en wat die doelstellings van Black Theatre sou wees? --- Ja, dit doen ek met graagte eenvoudig omdat ..(mnr. Rees kom tussenbei)

MNR. REES: Edele, kan ons net duidelik kry, is dit nou Black Theatre in die algemeen, of Black Theatre soos deur SASO of BPC beoog, want ek dink daar is 'n belangrike verskil.

MR. SOGGOT: I was going to ask additional questions, M'lord, at this stage I want him to deal with Black theatre, its background and what it is, and then we can go on to talk about SASO and Black theatre? --- Ja, sekerlik, miskien is dit tog nodig dat ek in verband met Black Theatre, in verband met Black Art in sy geheel tog

aanstip / ...

aanstip dat dit deel is, integraal deel is van die Swart Bewustheid filosofie wat SASO filosofie is, dat Swart - en ek praat hier van die kleur swart - bruin, dit is veronderstel om my kleur te wees, geel, witterig, bruin, geelerig en wit - alle kleure wat nie wit is nie, probeer om saam in ervaring te hê in Suid-Afrika, daarom vind ek dit soms 'n bietjie onnatuurlik wanneer die beswaar gemaak word dat ek net in die sogenaamde bruin ervaring staan. Ek weet dit is moeilik vir my om binne die totale swart ervaring te staan, maar dit is een van die geweldige komplekse aspekte van Swart Bewustheid, en weer verbeeldingryk vra ek dat in verband met Swart teater ook hierdie aspek nie oor die hoof gesien moet word nie, ek wil nie voorgee dat ek met outoriteit kan praat oor die Indiër belewenis as daar so 'n belewenis is nie, oor die Zoeloe belewenis of die Xhosa belewenis nie, maar wat ons probeer doen het in Swart Bewustheid is om hierdie moeilike ding te pak om gesamentlik 'n kulturele ervaring te probeer opbou. Ons het natuurlik nog nie die hele pad geloop nie, in elk geval ek kom by Swart teater, ek het reeds gepraat oor die poging om 'n positiewe identiteit vir die jongmense, universiteit studente en die hele gemeenskap te skep. En ek het probeer verduidelik waarom hierdie nuwe geloof vir ons so belangrik geword het, en Swart teater is een van die middele, soos ek dit in elk geval gesien het, en ek dink ook soos ander mense in die beweging as u dit so wil noem, gesien het, een van die middele om hierdie nuwe trots as't ware te probeer aanwakker. Die nuwe trots, daaronder verstaan ek geestelike onafhanklikheid,

onafhanklikheid ten opsigte van ander mense wat gedurigdeur maar vir jou in die verlede moes help. Staan op jou eie twee voete doen, - as ek nou 'n bietjie plat mag praat - jou eie ding. Do your own thing. Dit is die algemene gees van Swart teater en inderdaad van Black Art in sy geheel. Ek weet nie of u enige verdere besonderhede wil hê nie.

Het u self die beginsel van Swart bewustheid probeer toepas in u eie dramas? --- Ek het dit gedoen, my drama wat ek dink redelik bekend is "Kanna Hy Kô Hystoe" is beskou as in hierdie sin 'n bydrae tot Black Theatre, ek dink dit is al wat ek hoef te sê.

Ek het geen verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. REES: Is dit dr. Small, of mnr. Small of mnr. Small (Engelse uitspraak)? --- Dit is mnr. Small, gewoonlik, advokaat, verkies ek om bloot net Adam Small te wees.

Meneer, as ek u getuienis so aanhoor, dan wil dit vir my voorkom asof u 'n volgehoue verset teen gevestigde gesag gekom het, is dit juis? --- Nee, dit verbaas my dat u dit kan sê.

Goed, laat ons dit dan maar ontleed. U het daardie gedig wat u aan ons voorgelees het, dit spruit eintlik uit 'n verset teen gesag, is dit nie? --- Ek dink as ons teenoor my heeltemal eerlik moet wees dan moet ons 'n bietjie nader kyk na gesag, ek weet - of soos u dit noem gevestigde gesag - en dit is 'n groot begrip en ek dink miskien het dit 'n bietjie analise nodig.

Goed, laat ons dan 'n bietjie die ding van nader betrag, die reël is neergelê deur gevestigde gesag dat

die / ...

die Kleurling of die Bruinmens het 'n sekere gedeelte van die bus en die Witman die ander gedeelte, is dit nie so nie? --- Dit is so, ja.

Indien die Kleurlinge hulle plekke volgesit het of dat die Blankes hulle plekke volgesit het, en daar was nog plekke oop, en die posisie was omgekeerd, dan sou 'n Blanke dame moes staan, nie waar nie, afgesien of daar tussen die Kleurling sitplekke oop plekke was, want dit is wat die reël neerlê, is dit nie? --- Ja, ek neem so aan, ja, ja, seker.

Derhalwe is die reël as sulks nie gemik om te diskrimineer teen die indiwidue nie? --- Ek kan dit nie aanvaar nie, Advokaat, ek moet hier as u nie omgee nie verwys na die werklikheid van my ervaring, van ons ervaring, en u weet hoe ek die woord "ons" nou gebruik in Suid-Afrika ..(mnr. Rees kom tussenbei)

Nee, ek weet nie hoe u die woord gebruik nie, u sal die Hof moet toelig asseblief? --- Goed, ek verwys na die ervaring van elke mens - en ek bedoel letterlik elke mens wat nie wit is nie in Suid-Afrika.

Maar is u nie geneig om 'n bietjie te veel te veralgemeen nie? --- Nie in hierdie bepaalde geval nie.

Wel laat ons dit net beperk by hierdie busrit vir 'n oomblikkie? --- Goed, ek gee nie om nie, ons kan dit beperk by die busrit, en wat ek wil sê is dit, dat wanneer in die gemeenskap daar gesê word: jy gaan by daardie ingang in, en die Witman gaan by daardie ingang in, jy woon in daardie woonbuurt en die Witman woon in daardie woonbuurt, dan in alle eerlikheid moet ons almal erken dat die man wat nie wit is nie, of hy bruin, groen

of / ...

of watter kleur ook al is, kry die swakste kant, die swakste of die swakker woonbuurt, met ander woorde dit is nie 'n gelykop deling nie, dit is nie apart en gelyk nie, dit is omdat dit apart is, ongelyk, en u moet my verskoon as dit werklikwaar my ervaring is, want dit is my ervaring, ek aanvaar dit as 'n man in my gemeenskap volgens ons definisie van swart as 'n Swartman, of as u wil dan as 'n Bruinman, dit is werklik my ervaring.

Mnr. Small, ons kan 'n hele dag spandeer dat ek daardie algemene stellings van u toets, ek sal dit nie nou doen nie, ek wil net vir u stel dat as ons tot die punt wil kom u spesifiek u sal hier moet bepaal by spesifiekhede en u digtersbenadering 'n bietjie links laat lê. Ek wil dit net aan u stel dat daardie stellings wat u maak geheel en al te wyd is, is dit nie so nie? --- Ek glo nie dit is te wyd nie, Advokaat, daar was agt sitplekke leeg in daardie bus, hulle was nie beset nie, hulle was leeg en my vrou kon nie sit nie.

Goed ..(getuie kom tussenbei) --- Dit is die naakte feit.

Die punt is indien dit 'n Blanke of 'n Witvrou was en die Wit plekke was vol en die Kleurlinge se plekke was oop dan sou sy moes staan, nie waar nie? --- My vraag aan myself is is dit regverdige reëls.

Ons sal later daarop ingaan, die vraag is die punt is net hierso u het dit aangetrek as iets wat diskrimineer teenoor die Kleurling. Nou goed, dan wil ek nog van u weet in daardie omstandighede het die gedagte by u opgekom dat een van die Kleurlinge miskien sy sitplek sou opoffer? --- Natuurlik, hierdie vraag - want ek het hierdie gedig

by meer as een geleentheid reeds voorgedra, die vraag is reeds so aan my gestel. Ek dink nie dit is 'n baie relevante vraag nie, ek dink ons praat hier eintlik oor ander sake, ons praat oor groter sake as dit. As u weet hoe 'n bus soos die Houtbaai bus lyk op 'n Saterdagmiddag wanneer die snoek loop, dan sou u miskien nie aan my die vraag gestel het nie. Daardie bus is so vol, hy is so absoluut stampvol dat as 'n Bruinman sy plek vir my vrou in daardie deel van die bus waar sy gestaan het sou aanbied, dit nog erger vir haar sou gewees het om daar uit te kom as wat dit sou gewees het om maar daar aan die leerstuk vir ses myl te hang. En dan het u 'n interessante - as die Hof nie omgee nie, u het 'n baie interessante punt aangeraak, want uit wat u nou daar gesê het en ek stem met u saam is dit heeltemal duidelik dat deur te diskrimineer teen my as 'n Bruinman, deur te diskrimineer teen my as 'n Swartman, diskrimineer - word daar ook gediskrimineer teen die Witman, en wat ek nou hier sê is eintlik die persoonlikheid van die Witmense word ook aangetas omdat die persoonlikheid van die Swartmense aangetas word, en dit is presies soos vernedering menslike vernedering en minagting van menslike waardigheid gedurig werk, en ek dink dit word beklemtoon in SASO literatuur, in Swart Bewustheids filosofie, dat die aantasting van die waardigheid van een deel van die gemeenskap 'n aantasting van die waardigheid van die totale gemeenskap is. Ek wil dit graag beklemtoon, want dit is heeltemal waar wat u daar sê, dat dit ook diskriminasie teen die Witman is.

Goed. U sê die doel van die Swart teater is om 'n

gesamentlike / ...

gesamentlike kulturele ervaring op te bou tussen die verskillende rassegroepe in hierdie land, is dit reg? --- Heeltemal reg.

Met uitsluiting van die Blanke? --- Nee glad nie, Advokaat - POUSE

Wel, het ek u verkeerd verstaan? --- Dit is heelmoontlik dat u my verkeerd verstaan het, natuurlik in die eerste plek wou ons onsself as Swart gemeenskap - dit is as 'n groot gemeenskap wat nie Wit is nie vind, maar soos ek so pas probeer verduidelik het, is ons bedoeling hoegenaamd nie om die Wit gemeenskap op hierdie manier seer te maak nie, maar om die Wit gemeenskap op 'n sekere manier as't ware sover te kry om homself te vind. Ek dink dit word hier en daar in ons geskrifte ook ..(mnr. Rees kom tussenbei)

Ek dink u gaan by my vraag verby, kyk die vraag was in hierdie Swart teater waarmee julle doenig is, wou julle gesamentlike kulturele ervaring opbou vir diegene wat julle Swart noem? --- Ek herhaal dat dit sekerlik in die eerste plek die bedoeling is, ek brei 'n bietjie uit deur vir u te sê dat dit deel van die Swart bewustheid filosofie is dat jy nie 'n ander man wat vir jare en jare en jare voorgegee het en aanvaar is deur so baie Swartmense as jou meerdere in elke opsig, dat jy nie daardie man op gelyke grond kan ontmoet van aangesig tot aangesig, mens teenoor mens, as jy nie eers jouself sterk gemaak het, geestelik sterk gemaak het nie; dit verklaar byvoorbeeld waarom sommige van ons geskrifte - laat ek dit sò stel, jou mense moenie sommer met die Witman of die jong Witman daar anderkant praat nie, nie omdat ons onsself wil

isoleer / ...

isoleer nie, maar omdat ons onsself eers sterk wil maak sodat ons die ander man wat so 'n geweldige materiële voorsprong op ons het in die land en in die teater van aangesig tot aangesig en gelyk, geestelik gelyk kon ontmoet.

Goed. Maar is dit wat u sê die eind doel is van hierdie gesamentlike kulturele ervaring wat julle wil opbou? --- Die eind doel - kan ek net weer - wat bedoel u

U sê julle wil 'n gesamentlike kulturele ervaring opbou? --- Mmm

Wat is nou die eind doel daarvan? --- Die eind doel daarvan dink ek, Advokaat, word baie duidelik gestel selfs in die SASO manifes, waar ons sê uiteindelik wil ons 'n egalitêre gelyke gemeenskap in Suid-Afrika hê, die terme van daardie gelyke gemeenskap die word nie uitgespel nie, maar dit is heeltemal duidelik, want ek dink dit is waarop u afstuur, dat dit nie daaroor gaan om die Witman - as ek nou weer pront mag praat - in die see wil jaag nie.

Julle wil in die eerste plek 'n verenigde Swart groep vorm, is dit nie die punt nie? --- U moet my nou kans gee om te dink wat u mag bedoel wanneer u praat van 'n verenigde Swart groep. Die woord groep is weer 'n moeilike woord, maar ek dink ek kan met u saamgaan daar.

Goed. Dit is deel van die - dit is nou eintlik deel van hierdie kulturele proses? --- Ek sal sê dit is deel van die betekenis daarvan.

Nou hoe kan die Swart teater gebruik word om die nuwe trots aan te wakker, sal u net die meganiek of die tegniek vir die Hof beduie? --- Nou weet ek weer nie wat u

bedoel / ...

bedoel nie ..(mnr, Rees kom tussenbei)

Kyk u het gesê - as ek net vir u miskien kan help daar - u het gesê die Swart Teater is een van die middele wat aangewend sou word of moet word om 'n nuwe trots onder die Swartes aan te wakker? --- Mmmm

Nou wil ek weet wat is die tegniek of die meganiek, kyk, u is 'n ervare dramaturg, en vertel net die Hof baie kortliks - kyk ek wil nie in breë trekke ingaan nie, net die hoof punte? --- Ja, in die eerste plek miskien baie belangrik, baie eenvoudig eintlik, maar tog baie belangrik dat ons drama speel wat relevant ten opsigte van ons situasie werk, met ander woorde ons het so 'n klein bietjie minder begin belangstel in Shakespeare en 'n bietjie meer begin belangstel in inheemse teater. En dan ook die spelers in ons stukke is Swart, Bruin, watter kleur spelers ook al wat nie Wit is nie, en dit is baie belangrik. Met ander woorde ons begin drama volkome inheems, inheems vir ons, speel. Dit is baie baie moeilik om 'n Wit speler op die verhoog te kry in een van ons "townships" en om dit betekenisvol te doen, in elk geval, maar goed, dit is nou nie ter sprake nie. En dan natuurlik is die gedagte dat ons met die gehoor kommunikeer op so 'n wyse dat daar by die gehoor 'n sekere kulturele trots posvat - as u wil hê ek moet verder daarop uitbrei kan ek miskien aan die hand van my eie werk dit probeer doen?

Kyk, ek wil net weet die tegniek, u sê u kommunikeer met die gehoor dat daar 'n sekere trots by hulle ontstaan, met ander woorde dat daar 'n sekere geestestoestand by hulle ontstaan? --- Mmmm

Nou / ...

Nou wat is die woordkuns tegniek wat u daar gebruik? --- Dit is moeilik om vir u hier 'n indruk daarvan te gee, u sal een of twee stukke moet lees.

Nee maar tog, kyk, eintlik kan 'n mens sê lees 'n stuk en u sal sien, maar ek wil van u weet, kyk, dit is tog - julle skrywers gebruik middele om 'n reaksie uit te oefen of om die denke van jou gehoor te beïnvloed, nou dit is tog seker, u tree op volgens erkende beginsels, nie waar nie? --- Mmmm

Dit is net wat ek wil weet, wat is die beginsels wat u toepas? --- Weer is dit vir my as skrywer 'n baie - ek probeer nie moeilik wees nie, Edele, maar dit is vir my baie moeilik om hierdie vraag te beantwoord eenvoudig omdat daar nie sprake van beginsels is in die sin waarin u met beginsels werk daar vir die skrywer nie. As ek nou moet sê volgens watter beginsels het ek "Kanna hy kô hystoe" geskryf, of volgens watter beginsels het ek "Kanna hy kô hystoe" opgevoer toe ek in 1972 met ..(mnr. Rees kom tussenbei)

Maar miskien verstaan ons mekaar verkeerd. Kyk, u het gesê u wil 'n reaksie uitlok, of u wil 'n gedagterigting uitlok, nie waar nie, en om dit te doen moet 'n mens sekere tegnieke toepas. Kyk, om sommer 'n klomp woorde te gaan verkondig, om Shakespeare byvoorbeeld te gaan afkondig gaan nie u doelstelling bereik nie? --- Mmmm

Nou goed, hoe gaan u 'n dramastuk onderskei wat bedoel is om 'n sekere gedagterigting te laat posvat by die mense? --- Nee, ek dink daar is die een of ander misverstand tussen ons en dat u my miskien nie heeltemal reg verstaan nie, maar ek sal dinge vir ons makliker

probeer / ...

probeer maak deur eenvoudig hierop te let, wanneer 'n mens oor Shakespeare praat moet jy ook versigtig wees eenvoudig omdat Shakespeare ook op 'n tyd in sy tyd geskryf het. Vandag speel ons Shakespeare op 'n groot afstand eintlik, maar nouja, daar was 'n tyd toe Shakespeare geskryf het vir die doodgewone mens op straat in sy omgewing, en dit is in 'n sekere sin ook wat ons probeer doen, ons probeer skryf vir die man op straat in ons omgewing, ons probeer die teater 'n bietjie nader aan hom bring. Met ander woorde ons sien nie die teater as noodwendig waardevol bloot wanneer - en ek sê dit met so 'n tikkie humor hier - as 'n saak van "first nighting" - u weet wat ek daaronder verstaan wanneer veral die dames en die here ook met mooi klere aan hulle dingetjie gaan doen. Om 'n bietjie nader te kom aan die soort antwoord wat dit lyk u van my verwag, wanneer ek 'n stuk skryf vir my gemeenskap en vir ons hele land, dan vind ek dat ek liewers skryf ook omdat binne my ervaringsveld lê, en omdat dit nader aan my hart is as enigiets anders, liewer skryf oor omstandighede rondom ons Groepsgebiede wetgewing in die land byvoorbeeld, en die gevolge van Groepsgebiede wetgewing binne bepaalde konteks as wat ek sê nou maar 'n abstrakte onderwerp sal skryf soos - u kan dink aan wat u wil..(Hof kom tussenbei)

HOF: In ander woorde u wil graag u omgewing situasie wil u weerspieël? ---- Presies, ek skryf liewers "Kanna hy kô hystoe" as wat ek "Mag van Legio" skryf.

MNR. REES: Nee, ek volg dit, ek volg dit ..(Hof kom tussenbei)

HOF: Ek dink die advokaat wil weet waar lê die klem

om / ...

om eintlik u punt tuis te bring as u so om omgewing situasies skryf? --- Ja, ja nee, dit verstaan ek, Edele, ek verwys weer na een van my stukke "Joanie Galant" waar ek oor 'n Groepsgebiede Wet verskuiwing skryf, en daar is hierdie gevalle letterlik waar mense heeltemal wanaangepas geraak het in die lewe, geestelik uit rat uit geraak het omrede sulke verskuiwings, en wanneer ek skryf hoe dat Joanie-hulle gewoon in 'n deel van Woodstock waar mense tradisioneel vir jarelank gewoon het, hoe dat dit 'n Wit gebied verklaar is, hoe dat hulle daar moes padgee, en hulle het nie geld genoeg gehad om onmiddellik vir hulle 'n ordentlike in 'n ander omgewing te kry nie, hulle is ingedwing in die soort van "township" bestaan - ek weet nie of u mooi weet wat ons onder 'n "township" verstaan nie; wat ons in ons gemeenskap leer ken het, en hoe dat hulle in daardie omgewing, waarin hulle nie kan aanpas nie totniet gaan, heeltemal geestelik totniet sodat die man selfmoord pleeg - en daar was hierdie gevalle - en die vrou, dit is Joanie, soos ons platweg sê in ons gemeenskap, van haar kop af raak, - dan verstaan my gehoor dit, my gehoor weet dat daar 'n sekere onreg in hierdie situasie moet wees. My gehoor weet ook dit is alles waar, dat daardie stuk geskryf is deur 'n man in die gemeenskap, dit is alreeds 'n saak van trots vir die mense dat dit 'n man in die gemeenskap is wat daardie stuk geskryf het, en natuurlik, word dit vir hulle 'n saak van trots om kennis te neem daarvan, om kennis te neem dat hulle self iets aan hierdie situasie kan en moet doen.

MNR. REES: Die eintlike boodskap is daar dat u beklemtoon die probleem en die mense word geprikkel tot

nadenke / ...

nadenke en optrede? --- Tot nadenke en optrede - ek gee nie om as u die woord optrede gebruik nie, ons kan later praat oor die begrip optrede, ek dink ons het reeds melding gemaak daarvan dat deel van ons sienswyse is doen dinge vir julleself.

Goed. Mnr. Small, ek weet nie of ons nie heeltemal op dieselfde golflengte is nie, maar ons sal wel vroeër of later daar kom. U het gesê ten opsigte van hierdie dokument BEWYSSTUK K.5, dat u vind niks daarin wat die studente of gemeenskap tot rassehaat kan aanspoor nie. Onthou u dit? --- K.5?

Onthou u dit? --- Ja.

Goed. Nou, sal u net vir die Hof kortliks sê wat is die soort ding wat gesoek moet word om vas te stel of daar so 'n poging was. In ander woorde, waarvoor het u gesoek om te kyk of daar 'n poging was om rassehaat aan te blaas? --- Ek moet nou mooi dink om te sien of ek daardie vraag reg verstaan - wil u dit nie herhaal nie?

Ek sal dit miskien anders stel. Kyk, u was gevra om die dokument deur te lees? ---Mmmmm

En u het tot die gevolgtrekking gekom dat daar niks daarin is wat tot rassehaat aanspoor nie? --- Mmmm

Goed, nou watter faktore het u gesoek om te kyk of daar iets is wat rassehaat aanspoor? --- Weer is dit 'n baie moeilike vraag eenvoudig omdat u veronderstel dat daar sekere kriteria is waarvolgens ek 'n stuk moet beoordeel om te kan sê of dit - dit is asof u so 'n skaaltjie het en ek moet die artikel op die skaal sit en dit weeg eenkant toe of die anderkant toe.

Ek wil net weet wat u gedoen het, as u vir ons sê

dat / ...

dat u nie enige besondere faktore gesoek het nie, goed en wel? --- Ek dink my antwoord daarop moet eenvoudig wees ek vind dit 'n aardige vraag - moet eenvoudig wees dat ek het die stukke gelees, soos ek maar gewoonlik lees.

Dit is goed genoeg vir my doeleindes, mnr. Small.

<u>HOF:</u> Ek dink eintlik wat gevra wil word is die volgende, as die lede van u gemeenskap al so gesout is deur hulle eie ervaring is dit moontlik om rassehaat by hulle aan te wakker volgens u insigte? --- Ja, Edele, as ek reg verstaan dan kom dit eintlik daarop neer, die vraag, het die mense dan geen gevoelens oor nie. En natuurlik is dit nie die geval nie ..(Hof kom tussenbei)

En as dit so is wil die advokaat weet watter - waar is nou sy sagte plekke waar jy hom moet kry as jy hom eintlik wil opsweep.

<u>MNR. REES:</u> Dit is reg, Edele, dankie. --- Ja, ek dink sy sagte plekke is eintlik sy hele wese, daar is nie spesifieke sagte plekkies nie, maar daar is 'n groot verskil tussen geroer wees, al is dit nie geroer soos 'n gesofistikeerde mens wanneer hy iets wat werklik hom roer ervaar nie. Tussen geroerd wees en opgesweep wees - weer as hulle so vind ek dit ..(Hof kom tussenbei)

<u>HOF:</u> Kom ons stel dit so, is trots nie 'n basiese emosie by enige individu nie, en as jy sy trots aanval is jy nie besig om hom aan te val nie. Ek meen die hele Swart Bewustheid is gebaseer op trots? --- Ek stem heeltemal met u saam, Edele.

Ja, maar is dit nou nie die sagte plekkie nie? --- U kan dit so stel, maar vir my sal dit dan daarop

neerkom / ...

neerkom dat dit sy hele wese is, as die twee dinge as gelyk gesien kan word.

<u>MNR. REES</u>: As dit nie in u vak val nie sê maar net so dan kan ons aangaan na 'n ander punt toe, kyk ..(getuie kom tussenbei) --- Nee, nee, Advokaat, dit is nie dat dit nie ..(mnr. Rees kom tussenbei)

Ek wil kom by die volgende vraag, dit is nie wat u mee besig was nie, kyk, gestel 'n organisasie of 'n persoon wil homself ten doelstel om rassehaat aan te blaas teenoor 'n ander groep in die Kleurling gemeenskap in die Kaap, en hy kom na u toe, en u sou geneë wees - ek doen nie aan die hand dat u geneë is nie - en u sou geneë wees om hom te help, en hy sê: hoe stel u voor moet ek te werk gaan, wat se advies sal u hom gee, of is u nie in staat om hom te adviseer op daardie gebied nie? --- Die antwoord daarop, Advokaat, is dat as ek bewus daarvan raak dat 'n man my wil gebruik dan help ek hom hoegenaamd nie.

Ja, maar gestel nou u sou ingestel wees om hom te help, wat se advies kan hy gegee word - gestel hy kom na iemand toe, met al u kwalifikasies, wat geneig is om hom te help, wat sal u verwag dat die man vir hom sal sê? --- Ek weet nie of ek daardie vraag - goed, ek moet dit beantwoord.

U hoef dit nie te antwoord as u nie kan nie, as dit 'n ding is waaraan u nog nie aandag geskenk het nie, goed en wel? --- Nee nog glad nie, eenvoudig omdat ek nog nooit geleentheid gehad het om te dink dat enige iemand besig was om my te gebruik of te wil gebruik nie.

Goed, wel, is u kort antwoord dat u gedagtes nog

nie / ...

nie in daardie rigting geloop het nie? --- My gedagtes het nog nie in daardie rigting geloop nie, eenvoudig ook omdat ek dink ek is te onafhanklik van gees.

Ja, julle digters is maar onafhanklik. Is ek reg om af te lei uit wat u gesê het dat u is 'n bietjie gekant teen die apartheids beleid van die regering? --- Laat my dit sò stel, Advokaat, ek is nie 'n bietjie gekant daarteen nie, ek is baie gekant daarteen.

HOF: U is eintlik 'n slagoffer daarvan. --- Heeltemal reg.

MNR. REES: En as ek net weer kan terugkom na die tema wat ek mee begin het, u het aan die hand gedoen dat u het in botsing gekom of u vind uself voortdurend in botsing met gevestigde gesag. U het as ek reg verstaan bedank as gevolg daarvan dat u in botsing gekom het met die universiteitsowerhede waar u lektor of professor was? --- POUSE - U moet vir my net 'n oomblik tyd gee, want hierdie saak is kompleks en natuurlik is dit vir my, u sal verstaan, dit is 'n baie teer saak, ek was veertien jaar lank verbonde aan die inrigting, en ek wil dit nie so sien dat ek in botsing gekom het teen die universiteitsowerheid nie, ewe min as wat ek my situasie in ons Suid-Afrikaanse samelewing so wil sien as dat ek in botsing kom teen die gevestigde gesag; waarteen ek wel in botsing kom is die uitwerking in die praktyk elke dag van wetgewing - as ons nou oor die breë gemeenskap praat, oor Suid-Afrika as sulks, wetgewing waarvoor die gevestigde gesag verantwoordelik is. Dit stel dit anders, en wat die universiteit betref, het ek nie soseer in botsing gekom teen die universiteitsowerheid nie, as juis teen die dinge wat ek nou net genoem het, daardie dinge wat elke dag

verklikheid / ...

verklikheid is vir my, vir my studente, vir al ons mense, elke dag. Dit is die dinge waarteen ek in botsing kom, en as ek weer mag verwys na ons basiese uitgangspunt, my eksistensiële uitgangspunt in die lewe ook, ek dink nie dat ek wanneer ek ook al in botsing teen hierdie dinge kom, dit teen die man wat die gesag uitoefen het nie, ek probeer - en dit is menslik - om daardie man menslik te maak.

Ek volg u, maar die bykomende vraag bly dié, kyk u studente wou sekere basiese of grondliggende veranderings in die universiteit gehad het? --- Dit is heeltemal reg.

En die owerhede was nie bereid om dit onmiddellik toe te staan nie, dit is die kern ..(getuie kom tussenbei) --- Dit is heeltemal reg.

En die studente het aangedring op onmiddellike verandering, dit is die kern van die ding weer? --- Hmm

En daar was derhalwe 'n konfrontasie? --- Ek dink u kan dit as 'n konfrontasie beskryf, ja.

En u was eintlik basies deel van die - in aanhalingstekens - "die establishment" wat oorgestap het en u geskaar het by die studente? --- Ek dink ek was seker nog nooit in my lewe so deel van enige "establishment" nie, maar as u dit so wil sien dan moet u dit 'n bietjie wysig en sê, soos ek gesê het, dat ek my vereenselwig het met die strewes van die studente, eenvoudig omdat ek daardie strewes van uit die hart geken het..(mnr. Rees kom tussenbei)

Ek verstaan die beweegredes, maar as ons vir hom afgeslag het en ons het die been nou daarvan oor, dan is dit eintlik maar 'n botsing tussen of teen die

overheidsgesag / ...

overheidsgesag? --- Ek sal vir u sê, Advokaat, as filosoof, as digter ook, hoe dat ek hieroor voel - as mens in my gemeenskap - ek dink nie ons moet - soms moet ons nie dinge so tot op die been kerf nie, ons moet daardie vlees laat bly omdat die situasies kompleks is, dit is menslike situasies, en ons kan nie maar net die situasies tot op die been oopmaak en net die been laat bly nie, want 'n geraamte is nie goed genoeg nie.

U was beïnvloed of u is tot 'n mate gelei deur die sterk gevoelens wat u gehad het oor die aangeleentheid? --- Dit is reg.

En 'n mens se gevoelens word opgebou deur wat jy ervaar en wat jy lees en belewe? --- Natuurlik.

En 'n mens se gevoelens kan opgebou word deur dinge aan hom voor te stel in die teater? --- Dit is reg.

En 'n mens se gevoelens kan opgebou word deur voordragte? --- Dit is heeltemal reg.

En deur gesprekke? --- Hmmm

En dit hang af van die mate van bedrewendheid van die woordkunstenaar wat jy mee doenig is, en 'n woordkunstenaar is in staat om mense se gevoelens makliker in 'n besondere rigting te dryf as 'n onervare persoon, is dit nie so nie? --- Dit is heeltemal reg.

COURT ADJOURNS

/VHD.

DIE HOF WORD HERVAT OP 2.6.1976 OM 2 NM.

ADAM SMALL (Nog onder eed)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. REES (Vervolg): Het u ooit gevoel dat die Republiek op 'n ramp afstuur? --- Ek het die vraag heeltemal duidelik. Ek voel vandag nog dat gegee die probleme in verband met mense verhoudinge in ons land dat daar so 'n moontlikheid bestaan.

Dat daar geweldadige botsings tussen die rasse kan wees? --- Dit is seer sekerlik 'n moontlikheid.

U het agtergekom dat die studente in Wes-Kaap in besonder praat van die onderdrukkende Wit struktuur? --- Ek het daardie vraag ook heeltemal duidelik en my antwoord is dit is normale gebruik, ek bedoel taal gebruik, normale sê ding in my gemeenskap.

Dat hulle die Wit struktuur haat? --- Dit sekerlik nie, haat is 'n woord waarmee 'n mens sou ek sê baie versigtig moet werk.

En dat hulle waarskuwings uitgereik - gewaarsku het dat hulle geslag reeds genoeg gehad het? --- Dit het ek heel dikwels gehoor, ja. En weer is dit iets wat heel dikwels, selfs alledaags, gesê word in my gemeenskap.

Het u agtergekom dat daar 'n sekere desperaatheid in die studente geledere ontstaan het, of in die studente houding ontstaan het? Ek praat nou van die Swart studente in die sin waarin julle dit gebruik? --- Ja, met ander woorde ek sal verwys hoofsaaklik na die studente wat ek die heel beste ken, naamlik die studente wat ek aan die universiteit geken het in Wes-Kaapland. As u die woord "desperaat" gebruik dan is my antwoord daar ja, 'n sekere desperaatheid het ek wel teëgekom maar dan weer is "desperaat" 'n baie groot word en jy vind

dat/...

dat mense desperaat is in 'n sekere omstandigheid en 'n groter omstandigheid of in 'n groter konteks nie so desperaat nie, ens., en ek sou graag wil hê dat ons ons konteks 'n bietjie beter moet definieër.

Ek sal dit met u doen. Het u ooit die mening verkondig dat die Wittes ly of - ja, dat hulle ly aan diepgesetelde en amper algehele respek vir outoriteit het? --- Ek onthou baie goed dat ek dit een aand op Stellenbosch voor 'n hoofsaaklik studente gehoor so gestel het. Dit was sou ek sê net nadat ek my pos aan die universiteit daar bedank het. Dit is inderdaad iets wat my kwel omtrent ons Afrikaner gemeenskap, veral ons Afrikaner gemeenskap, daardie deel van ons Wit gemeenskap in Suid-Afrika, dat daar soos ek dit soms stel, hierdie bykans oordrewe ontsag vir gesag bestaan. Ek het dit inderdaad so gestel, ja.

> Het u dit miskien gestel dat : "The Whites suffer from a deep-seated, ingrained and almost total respect for authority."

--- Dit is moontlik dat ek daardie woorde gebruik het, dit kon my eie woorde wees ja, ek weet nie of u daardie woorde in 'n geskrif teëgekom het nie, maar dit is heeltemal moontlik.

Nou sal u net 'n bietjie daarop uitbrei, wat bedoel u daarmee? Wat is die - wat het u teen die feit dat die Wittes so 'n respek vir gesag het? --- Ja, ek het die vraag heeltemal duidelik. Dit is vir my interessant om te probeer om dit te beantwoord. Ek self ly seker so 'n bietjie aan daardie kwaal, eenvoudig omdat ek Nederduits-Gereformeerd groot geword het. Dit is 'n kulturele feit dat mense wat in hierdie land Afrikaans groot word 'n groter ontsag of respek vir gesag het en sal hê, uit die aard van die saak uit. Soos ek sê dit is 'n kulturele

feit/...

feit, ons word so groot. As ander mense in die land ...

As ek reg verstaan het is u verstandhouding dat daar iets met daardie houding verkeerd is. Nou ek stel belang in wat is u beswaar daarteen? --- Ja, my beswaar daarteen is dat daardie houding, hierdie houding van ontsag, word later 'n houding wat jou nie meer toe laat - 'n toegesteldheid in die lewe wat jou nie meer toelaat om onafhanklik te dink of om as ek dit 'n bietjie ruimer moet stel, onafhanklik enige situasie te deurleef aan te voel nie. Ek het probleme daarmee gehad in die klas soms waar studente van my daardie soort houding geopenbaar het want dan kan jy niks eintlik intellektueël opwindend of in enige ander sin opwindend aan die mense oordra nie. My ma en my pa het my so groot gemaak en hulle ma en hulle pa, my oupa en my oupa grootjie het so gedink, en daarom dink ek so. Dit is die ding waarvoor ek bang is. Veral wanneer mense leef in 'n kritieke toestand soos ons almal in Suid-Afrika leef dink ek is dit baie baie nodig vir ons, nie net vir die Wittes nie, vir die Swartes, vir ons almal, vir die bruines, vir die geles, om verbeeldingryk te kan dink, te kan voel, in ons situasie. Met ander woorde om 'n mens darem so 'n bietjie - jy moet jou so 'n bietjie kan oopstel vir nuwe dinge, vir nuwe ontwikkelinge, en ek dink u kan verstaan wat my probleem in daardie verband is. Om af te sluit, dit lyk vir my na 'n ongelukkige houding omdat dit sekere veranderinge wat in Suid-Afrika - ek sou sê aan die gang is vertraag en gevaarlik vertraag. Ek weet ek waag nou baie deur dit te sê, maar ek is heeltemal eerlik met hierdie hof, ek voel soos ek vir u sê.

Sal dit die doel of sal dit enige doel volgens u insigte beter bereik dan as die mense 'n bietjie minder wetsgehoorsaam is?/...

is? En 'n bietjie meer eie rigting inslaan? --- Nou moet ons nou onderskeid maak hier advokaat. As ek sê dat mense 'n bietjie minder ontsag vir gesag kan hê, dan is ek nie besig om te sê dat mense minder wetsgehoorsaam moet wees nie. Dit is twee heeltemal verskillende dinge hierdie. Ek dink u sal dit toegee.

Ek wil graag weet, die gesag word alleenlik gehandhaaf en uitgedruk deur die wetsgehoorsaamheid van die grootste gedeelte van die bevolking, is dit nie so nie? --- Ek praat natuurlik nou van twee dinge. Wanneer u van daardie houding praat dan praat u van 'n groot kulturele iets, 'n algemene houding. Wanneer u praat van wetsgehoorsaamheid dan praat u van iets wat baie enger is as 'n baie - en baie minder ruim is as daardie algemene houding en weer weet ek nou nie mooi hoe ek dit het nie, want dit lyk vir my asof hierdie twee dinge heeltemal met mekaar gelykstel ... (Hof kom tussenbei).

<u>DEUR DIE HOF:</u> Is dit nie miskien die woorde wat u gebruik nie? Probeer u nie sê dat die Afrikaner is konserwatief en dat dit neig tot konformatisme? --- Ja.

En konformatisme is 'n baie breër begrip as eintlik wetsgehoorsaamheid? --- Ja, ek sal daarmee saamstem, U Edele, dit is heeltemal reg, dit is presies wat ek bedoel.

<u>MNR. REES:</u> En het u dit teen hierdie konformatisme? --- Eerlikwaar ja, ek dink dit sal oneerlik wees as ek sê ek het dit nie daarteen nie. Ek hou nie daarvan nie en ek het probeer verduidelik waarom ek in ons Suid-Afrikaanse situasie veral daar nie van hou nie, maar in enige ander situasie sou ek ook nie daarvan hou nie eenvoudig omdat ek dink dit nie - dit is nie 'n intellektueële en 'n gesofistikeerde houding nie.

<u>DEUR DIE HOF:</u> As ek u reg verstaan na aanleiding van wat u

reeds/...

reeds gesê het, u sê dit vertraag ontwikkeling? --- Ja, dit is heeltemal reg.

MNR. REES: Sou dit juis wees om te sê dat u houding is of u opvatting is dat Suid-Afrika stuur af op 'n konfrontasie tussen die Wit en die Swart? --- U vra of dit my siening is?

Ja? Is of was? --- Ek dink nie dit was ooit my uitdruklike siening nie, ek sou dit so stel soos ek dit vir u vroeër vanmiddag hier gestel het, dat dit 'n moontlikheid is, maar dat dit 'n noodwendigheid is dié dink ek nie.

Dat dit 'n moontlikheid is? --- Dat dit 'n moontlikheid is.

Nou sê vir die hof hoekom dink u dit is 'n moontlikheid? Wat is die faktore wat daartoe bydra? --- Ja, ons het nou reeds een algemene faktor onder die oë probeer sien, hierdie noem dit dan maar konserwatisme waaroor ons dit gehad het. Die feit ook dat swartmense, en ek dink ek praat hier van alle swartmense heeltemal verstaanbaar ongeduldig raak in die situasie soos hy op die oomblik bestaan, en wanneer jy aan die eesagkant dié soort vertraging het, die soort vertraging kry wat ons nou net genoem het, en aan die ander kant is daar mense wat ongeduldig raak in hierdie situasie, dan sekerlik is hierdie twee dinge saam faktore wat die moontlikheid van konfrontasie inhou.

Ek wil graag weet wat is dit waaroor hulle ongeduldig word? --- Doodeenvoudige dinge sou ek sê, ek hoop dat ek vanmôre alreeds vir die hof 'n aanduiding gegee het van hierdie dinge. Ek gaan vir u - want u wil meer besonderheid hê, u wil ...?

Baie kortliks, ek wil ... --- Ja, dan noem ek vir u iets kleins. Ek sal nie oor 'n verskynsel soos die pasboek praat nie, dit is 'n klassieke voorbeeld in ons Suid-Afrikaanse

geskiedenis/...

geskiedenis. Ek sal nie selfs nie eers oor groepsgebiede wetgewing in sy groot opset praat nie. Ek gaan vir u 'n klein persoonlike voorbeeld noem, eenvoudig omdat ek dit met outoriteit kan stel, omdat ek dit self beleef het en ek weet daar is derduisende van my mense wat dit elke dag beleef in Suid-Afrika. In 1974, die begin van die jaar, eintlik die einde 1973, het ek Johannesburg toe gekom om 'n betrekking by die Universiteit van die Witwatersrand te aanvaar. Daardie hele jaar lank het my vrou en ek en my kinders 'n doodeenvoudige dak oor ons kop gesoek in bruin Johannesburg, swart Johannesburg as u wil, en teen die einde van daardie jaar nog was daar hoegenaamd nie enigiets soos 'n doodeenvoudige gewone dak oor ons kop vir ons nie. Ek vra u weer, ek vra hierdie hof om verbeeldingryk hieroor na te dink, dit te probeer aanvoel, hoe tref so 'n ervaring 'n mens. My vrou was stukkender as ek toe ons uiteindelik weer in die stad terug is, vir die tweede keer in my lewe het ek my pos bedank sonder dat ek geweet het waarheen ek gaan, eenvoudig omdat my vrou - ek gee nie om om hier te sê dat ek haar baie lief het nie - tot niet sou gegaan het geestelik as ons langer in Johannesburg gebly het. Nou weet ek miskien is sy te fyngevoelig. Daar is in elk geval derduisende van ons mense wat moeiliker ervarings as dit deurgemaak het, honderd keer, duisend maal moeiliker as dit, maar ek noem dit maar vir u as 'n voorbeeld van die soort ding wat ons in hierdie gemeenskap ongeduldig maak. Ek dink .... (Tussenkoms).

Maar mnr. Small, as die feit dat u moeilikheid het met behuising te bekom u ongeduldig maak verstaan ek dit goed, maar wat ek nie kan verstaan nie is waarom u dit dan teen die stelsel of die Staat hou nie? Om die rede toe al van die

oorlog/...

oorlog af teruggekom het het ek dieselfde soort ondervinding gehad, en ek het nie gesê die Blanke regering moet daarvoor verantwoording doen nie. Dit is omstandighede wat 'n mens vind in enige gemeenskap? En het u nie ook gehoor dat in Engeland is dit 'n ding wat daagliks oor gekla word dat alle rasse daar nie behuising kan kry nie? Dat jongmense trou en hulle kan nie behuising kry nie? --- Laat my dan u 'n bietjie verder inlig, advokaat. In Engeland as ons dit dan maar as 'n voorbeeld mag noem, gebeur dit tog sekerlik né, dat daar elke dag in die oggend koerant, in die aand koerant, byvoorbeeld woonstelle geadverteer word, woonstelle wat leeg staab, eiendomsmense wat uitroep om mense om daardie leë woonstelle in besit te neem, maar daardie leë woonstelle staan hier in Wit Johannesburg of in Wit Durban of in Wit Kaapstad of in Wit Bloemfontein, en as ek in Engeland was sou ek kon gegaan het en vir die mense gesê het ek wil graag in een van daardie woonstelle woon, hier is my paar oulap, gee vir my een van daardie woonstelle. Ek kan dit nie in Suid-Afrika doen nie. Wat ek ook onder die hof se aandag wil bring is dat in Suid-Afrika hierdie soort verskynsel deur die Wet gesteun word, gestut word, en dit is die verskil. Met ander woorde ek weet ons kla oor munisipale owerhede, ons kla oor provinsiale owerhede, maar uiteindelik, uiteindelik ek dink enigiemand behoort redelik genoeg te wees om dit toe te gee, is hierdie soort toestand toe te skryf aan ons groepsgebiede wetgewing in Suid-Afrika.

Het u ooit die mening uitgespreek dat die Wit houding in Suid-Afrika besig is om aanleiding te gee tot 'n massiewe inter-ras konfrontasie? --- Sal u dit herhaal asseblief?

Het u ooit die mening uitgespreek dat die houding van die/...

die Wittes in dié land besig is om te lei tot 'n massiewe rasse-konfrontasie? --- Dit is moontlik dat ek dit so kon neergeskryf het en dan sou dit 'n eerlike gevoel gewees het. Daar is seer sekerlik oomblikke wanneer ek so voel. Aan die ander kant dink ek moet u teenoor my ook regverdig wees en teenoor die denkwyse wat ek vir u hier probeer uitlê het, dat wanneer daar wel in die rigting beweeg word van 'n ruimer bedeling, meer lewensruimte vir my, vir die swartmense oor die algemeen, dan was ek nie ongeneë om toe te gee dat daar verbeteringe plaasvind nie.

U sien, ek het hierso meeste van die vrae wat ek hier aan u gestel het, baseer ek op 'n berig uit die Rand Daily Mail van 25 Julie 1973 waarin hulle onder andere soos volg - ek sal u inlig en dan vir u die vrae stel. Hulle sê dat -

> "Mr. Adam Small, the head of the Department of Philosophy at the University of the Western Cape last night warned a predominantly Afrikaans student audience in Stellenbosch that White attitudes were precipitating a massive racial confrontation in South Africa."

Pas dit by wat u sou gesê het? --- Ja, ja, dit is redelik.

U het reeds vir ons gesê waarop u dit baseer, daardie? --- Ja.

> Dan het u gesê : "The clock has already struck midnight. When it comes to race relations in this country, he said all the indications are that we are on the verge of a precipice if not already halfway down."

Is dit so? --- Dit is heeltemal reg.

Nou wat was die indikasies gewees wat u in gedagte gehad het?/...

het? --- U sal onthou dat dit gesê is binne die konteks van ons probleme by die Universiteit van Wes-Kaapland in 1973 en dit is natuurlik vanuit daardie konteks dat ek gepraat het, die vergadering op Stellenbosch het plaasgevind soos ek vir u gesê het, as ek reg onthou, net nadat ek my pos daar bedank het. En ek het reeds vanmôre gesê dat juis omdat ons op daardie manier opgetree het destyds, omdat die studente so opgetree het, en ek dink my optrede het ook heelwat daarmee te doen gehad, juis om daardie rede het daar verbeteringe ingetree .....

Nee, maar ek wil net hê die toestand soos dit toe was? --- Ja?

En hy sê ook hierso : "He told about 160 students who crammed into a tiny hall in the centre of town that only a fool cannot see the possibility of physical confrontation. His speech was relayed by loudspeakers to another 200 students outside the hall."

Stem dit ooreen met u .. --- Ja, ek kan miskien net die hof vra om daarop te let dat die woord "possibility" daar staan. Ek het gesê daar bestaan die moontlikheid.

Nou het u - ek sien hier in die Van Wyk Verslag waarna u gister verwys het sien ek hy haal aan 'n voorbeeld van 'n liedjie wat deur die studente opgestel is en wat volgens my inligting versprei was op die kampus van die Wes-Kaapse Universiteit. Sal u 'n bietjie kyk na die - en kyk of u die liedjie herken en of u dit gesien het voordat u daardie toespraak gemaak het? Ek kan dit miskien net vir die hof lees. Dan is ons almal - want dit is al afskrif wat ek het. --- Is dit hierdie een ; "What a friend we have in Vorster", is dit?

Dit is/...

Dit is die een. --- Die studente kan soms ook verbeeldingryk wees.

Ongetwyfeld? --- Wil u hê ek moet dit lees?

Asseblief, ja. --- Dit is so 'n swak stukkie ek sou verkies het dat u dit lees, maar as digter voel ek heeltemal ontuis hier.

Aangesien dit 'n swak stukkie is kan die digter meer respek daaraan verleen ... --- "What a friend we have in Vorster. Freedom has no truer friend. Does your telephone sound funny? Take it to the Special Branch. If they take you to the shower do not take your soap with you. If they take you to the tenth floor ask them for a parachute. If you hear a knock at four dare not open up your door."

U wil hê ek moet die tweede stukkie ook lees?

Die belangrike stukkie? --- "Arsen, rape and bloody murder. Arsen, rape and bloody murder when the Black revolution comes."

Nou was dit die soort gedagtes wat hulle daar uitgespreek het? --- Ja, u weet, ek het natuurlik taamlik deeglik ook deur hierdie verslag gelees en hierdie liedjies het hulle gesing. Ek neem aan dat "What a friend we have in Vorster" het hulle gesing op die wyse van - wel op een van ons gesange se wysie.

Die punt is daar die sentiment wat weerspreek word daar is dat hulle voorsien bloedige revolusie? --- Ek sal vir u sê hoe ek oor hierdie soort ding voel. Ek dink ....

Ek wil eers weet hoe moet ons dit vertolk, dan sal ons u gevoelens kry daaroor. --- Hoe dat ons dit vertolk?

Ja? Soos hy daar sê, dit is 'n man wat se gedagtes daaroor gaan dat Vorster, dit wil sê Vorster, die verteenwoordiger van die Wittes, hulle onvriendelik of onbillik behandel.

Is dit/...

Is dit nie so nie? --- Ek dink daar is nogal 'n stukkie humor daarin : "If your telephone sounds funny, take it to the Special Branch". Soms het ek gevoel dat ek dit met my telefoon wil doen, maar nouja, ek sê dit is 'n stukkie humor. Ernstig egter, ek dink dat ons studente heel dikwels te ernstig opneem. Hulle sit daar, dit is lekker gesellig vir hulle om so saam te sit, en hulle maak 'n lekker lawaai. En ek was heeltemal bereid as dosent om hulle 'n sekere soort vryheid daar toe te laat. Ek dink dit was domheid aan die kant van baie van ons universiteitsmense, en dit bly dommigheid aan die kant van baie van ons universiteitsmense, om studente so netjies te wil sien, want hulle is net nie sulke netjiese mense nie, as - om van hulle te verwag dat hulle nooit wanneer hulle opgewonde raak hierdie soort ding sal doen nie.

Maar het u dan nie ... --- "Arsen, rape and bloody murder" - ek het 'n ander weergawe daarvan gehoor want hulle speel so rond met die weergawes, die ander weergawe was : "Arsen, bloody rape and murder". Nouja, as mense dinge so begin rondgooi dan neem jy hulle nie meer ernstig op nie. Ek dink die studente het dit heeltemal vrolik daar gesing, dit is woorde wat hulle gehoor het, hierdie "Arsen, rape and bloody murder" dink ek het hulle op die wysie gesing van John Brown's Body, en nouja, ek weet nie, ek dink ons neem hierdie soort van ding glad te ernstig op.

Is dit nie die soort ding wat u ernstig genoeg geneem het om die waarskuwing hier in Stellenbosch te rig nie? --- Nee, glad nie. Hierdie soo - dit is 'n te swak gedig om ernstig op te neem. As dit dan 'n gedig is.

Maar 'n man spreek homself mos nie - 'n man wat ernstig is, is nie noodwendig 'n taalkundige nie, is dit nie 'n uiting

van/...

van daardie man se hart nie? Is dit nie tipies van die soort reaksie waarop u u eie gevolgtrekkings baseer het nie? --- U weet, as u dink daaraan dat die studente hierdie soort ding sing dan moet u vir u die konteks probeer indink. U moet u voorstel u is daar op kampus, u moet u voorstel daar is 'n hele paar honderd studente saam, u moet u voorstel hoe dat studente wanneer hulle bymekaar aansteek en daardie lekker opgewondenheid ervaar, hulle sit daar saam soos ek gesê het, hulle moet die tyd - die tyd moet verbygaan en hulle sit daar vyf minute, vir tien minute, vir 'n uur en hulle hou nie daarvan om te lank stil te sit nie. Nouja, nou begin hulle maar hierdie goed sing.

Maar is dit nie 'n geval van wat die hart van vol is loop die mond van oor nie? --- Hulle hart is sekerlik vol van besware teen die bestel van dinge in Suid-Afrika.

Van "rape and bloody murder"? "When the Black revolution comes"? --- Nee, dit is 'n liedjie wat oorgewaai het waarskynlik uit Amerika of 'n plek soos daardie, en die studente was net nie oorspronklik genoeg om iets van hulle eie op te stel nie.

In u studies, filosofiese of histoeriese studies, het u nie gevind dat alle revolusies het hierdie klas van sang of dig ens. wat 'n deel vorm van die prosedures en die opwinding en opbouing van die gevoelens nie? --- Ek sal vir u sê wanneer ons van revolusie praat moet ons versigtig wees. As u na die dokumente kyk dan sal u sien dat die woord "revolusie" heel dikwels gebruik word daar en die ....

Ons praat van die geskiedenis, ons praat nie nou van hierdie nie? --- Sal u net herhaal?

Het u nie vasgestel in u studies dat in die geskiedenis

heel/...

heel dikwels kom dit voor dat revolusionêre en revolusioniste juis gebruik maak van hierdie soort liedjies wat algemene inslag vind nie? --- Ek sal vir u sê dit kom sekerlik voor, net soos ons volksliedere het. Ek dink byvoorbeeld aan Die Stem, as jy - en ek praat hier baie ernstig as digter, as 'n mens wil ingaan daarop, dan kan jy uiteindelik 'n punt bereik waar jy gaan sê Die Stem is 'n vreeslik opruiende lied. Jy kan dit doen, maar ek dink dit sou belaglik wees om tot so 'n gevolgtrekking te kom uiteindelik, maar as jy so te werk gaan soos u nou wil hê ek moet te werk gaan, dan kan dit uiteindelik gebeur dat my gevolgtrekking moet wees dat Die Stem van Suid-Afrika, Langenhoven, 'n uiters opruiende stuk is.

Wel, is dit of is dit nie? Die Stem, is dit 'n opruiende stuk of nie? Was die bedoeling nie daarvan om 'n saamhorigheid, om 'n saamhorigheid en 'n nasionale trots te kweek nie? Was dit nie die doel van daardie soort gedig nie? --- Ja, maar ek weet nie of u my reg gehoor het nie, ek het gesê ek kan daardie punt bereik as ek met hierdie - as ek te werk gaan analities soos u wil hê ek moet te werk gaan, dan kan ek met die stem ook so maak, en dan kan ek op 'n punt uitkom waar ek soos ek sê vind dat Die Stem opruiend is, liewers as dat dit is wat u daar sê.

Dit is inderdaad, u sê dat hierdie in sy wese is 'n opruiende gedig? --- Dit is nie wat ek gesê het nie.

Is dit nie die effek van wat u gesê het nie? U het dan gesê u kan ook met Die Stem tot daardie gevolgtrekking kom? --- As ek so te werk sou gaan.

Nou wel ... --- Maar ek verkies om nie so te werk te gaan nie.

As u/...

As u so te werk gaan, dan sal u sê dit is 'n opruiende stuk daardie? --- U weet, ek sal vir u sê wat my ervaring met studente was..... (Tussenkoms).

Nee, maar behandel eers die ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Voor u antwoord, ek het dit nou nie hier voor my nie, maar wat is daardie laaste strofe, sê dit net dat - verbind dit die "rape and murder" met die revolusie, of is dit 'n revolusie as gevolg van die verkragting en moord gepleeg is? --- Die bindwoord daar U Edele is "when" - "Arsen, rape and bloody murder when the Black revolution comes."

Met ander woorde dit is meer 'n bedreiging as 'n ...? --- Ja, dit lê in daardie rigting, ja.

MNR. REES: Nou goed, laat ons dan kyk na daardie stuk vooraf, gee hy sy beweegredes nê? Hy sê as jou telefoon lui, vat hom na die ... --- Veiligheidspolisie toe.

Polisie toe. In ander woorde hulle is mense wat mense afluister, nie waar nie? Dit is die gedagte daar? --- 'n Mens wil so aanneem soms seker, ja.

Die volgende strofe, waaroor gaan dit? --- "If they take you to the shower do not take your soap with you."

Dit is nou 'n sinspeling op iemand wat in aanhouding oorlede is en dit was aangevoer of 'n hof het bevind - 'n ondersoek hof het bevind dat hy het gegly op seep? Nie waar nie? --- Ja, alhoewel daar - ek dink 'n groot massa van die studente sou nie eers daardie .....

Hulle glo net as jy aangehou word dan gaan jy doodgemaak word, dit is die kern van die ding, nê? Dit is die verwysing? --- Ek vind dit - ek moet eerlik sê ek vind dit verbasend dat u nie self die geringste tikkie humor aan die dag wil lê in hierdie soort geval nie.

U is/...

U is die man wat die antwoorde gee, nie ek nie, maar dit is waarna verwys word? Dit is nie humor nie, dit is dodernstig daar? --- Hm hm.

Dit is opgestel wel in 'n humoristiese sin, maar ons kan met humor die ernstigste boodskappe oordra, kan ons nie? --- Ja, ja nee, daar stem ek met u saam.

En ook daardie man is besig met baie ernstige dinge daar? Hy praat van mense wat deur die Veiligheidspolisie afgeluister word. Hy praat van mense wat in aanhouding doodgemaak word. Goed, en die volgende strofe? --- Dit is ...

Ek is jammer, ongelukkig u knik u kop en dan stem ek met u saam, u moet net onthou dat die masjien tel dit nie op nie. As u net sal antwoord sal ek dit waardeer. --- Goed, ek sal dit doen.

MR. SOGGOT: My Lord, may I just indicate, although my learned friend might have a different attitude, the witness has not conceded what my learned friend has put to him now, that that necessarily talks about death.

MNR. REES: Goed, dan sal u dit self mnr. Soggot probeer om die .... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Mnr. Soggot is bang as u sê "ja", wanneer u - dan bedoel u net die woorde wat die advokaat sê - maar u bedoel nie om "ja" te sê omdat u met sy sentimente saamstem nie. --- Ek verstaan.

So u moet maar versigtig wees. --- Ja dankie, U Edele, ek sal versigtiger wees van nou af.

MNR. REES: Ek probeer nie met u baklei nie, u is die man wat die getuienis gee, mnr. Small, nie ek nie, en dit staan u vry om met my te verskil. Goed, ons was gewees, onthou ek praat nou uit geheue uit, u het die ding voor u? --- Ja.

Ons was/...

Ons was reeds gewees by die punt waar die verwysing na die seep is inderdaad 'n verwysing na mense wat in aanhouding doodgemaak word? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Weet u dit of aanvaar u dit omdat dit gestel word? --- U Edele, ek sal vir u sê, ek het natuurlik kennis van die Ina Haroon(?) geval, ek weet nie of daar 'n moontlike verwysing in hierdie ....

Is dit iemand wat op seep gegly het? --- Dit weet ek nie eers nie. Ek weet net dat hy in aanhouding oorlede is.

MNR. REES: Die bewering was gewees dat iemand het op seep gegly en doodgegaan, nie waar nie? --- Daarvan weet ek nie. Dit het ek nog nie gehoor nie, die seep storie is 'n nuwe storie vir my, en Haroon se geval was die storie dat hy miskien van 'n trap af gestoot is. Houja, dit was natuurlik 'n Kaapse man.

Het u enige twyfel dat hierdie : "If they take you to the shower, do not take your soap with you", dat dit verwys na iemand wat omgekom het in aanhouding? Het u enige twyfel daaroor? --- Ek het twyfel daaroor, ek sal sê dit is moontlik dat dit ....

Waarna sou u sê verwys daardie strofe? --- As ek die gedig netso lees dan sou ek nie eers weet wat dit beteken nie.

En indien u - die volgende een : "If they take you to the tenth floor, ask them for a parachute". Waarop sinspeel dit? --- Daar was natuurlik die storie, en ons almal ken die storie, dat daar die man was wat uit die boonste verdieping gestoot sou geword het. Dit is 'n storie van die Noorde hier, dit is nie 'n storie van die Suide nie, maar dit is 'n storie van Suid-Afrika, en weer sê ek dit is moontlik dat daar hierdie sinspeling is, maar as ek die gedig netso lees, ek is jammer dat ek dit 'n gedig moet noem, maar as ek dit so lees,

en ek/...

en ek weet nie juis wat daar gebeur het nie, dan kon dit netso goed een van hierdie nuwe abstrakte gedigte gewees het.

Maar u sien, u moet die gedig in sy samehang lees, want hulle sê hier : "What a friend we have in Vorster. Freedom has no truer friend". Met ander woorde dit is Vorster se dingetjies hierdie wat aanleiding gee tot die .. --- Ja, en ek het natuurlik klaar vir u gesê dat daar dingetjies is waarvoor die Eerste Minister natuurlik altyd - en die Eerste Minister sal so gesien word as simbool staan waarvoor die mense ontevrede voel.

Goed, so ons is duidelik dat hierdie gedig hier spreek ontevredenheid uit, né? --- Ja.

En nou : "If you hear a knock at four, dare not open up your door". Waarna sou dit verwys? --- Ja, u weet, daar sal ek vir u 'n antwoord kan gee. Ek kan baie baie meer presies praat oor daardie laaste twee reëls eenvoudig omdat ek weet, en ek sê dit .....

As ek dit kan kort sny, anders is ons hier tot môre-oggend? --- Ja, u dwing my om hier te wees ..(getuie lag) .. u vra die lang vrae. "If you hear a knock at four, dare not open up your door", die studente is geweldig lastig geval deur die Veiligheidspolisie op kampus, van kampus af, as die verslae reg was. Natuurlik daar is sommige besoeke op kampus waarvan ek bewus was, en nie net die Veiligheidspolisie nie. Ons het stringe vangwaens op kampus gehad by tye in 1973 en 'n reël of 'n strofe soos daardie mag daarna verwys.

Nou goed, derhalwe is die hele ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: En het die tyd enigiets daarmee te doen? --- U meen "Knock at four"?

Kyk, dit sê "Knock at four" ja? --- Ja. Daar is vir

sover/...

sover as wat ek verneem het, studente wat in die middel van die nag opgeklop is, en as 'n mens koerant verslae kan aanvaar, dan word heelparty mense of is heelparty mense reeds in hierdie ure van die nag opgeklop in Suid-Afrika. Goed, ek kan aanvaar dat daar so 'n verwysing is.

MNR. REES: Goed, hy gee dan - ek weet nie wat julle digterstaal is nie - hy gee dan sy redes vir optrede, en dan gee hy - kom sy wendig of sy slotsom en die effek is al hierdie dinge wat deur Vorster aangemoedig of aangerig word, gee aanleiding daartoe dat die Swart revolusie bevorder word. Is dit nie die kern van die ding nie? --- Ek wil graag sê dat ek u 'n kompliment wil maak, as ek dink aan wat ons soms in ons universiteite doen, dieanalise van 'n gedig wat ons daar doen, dan vaar u heelwat beter. U weet, 'n mens tap 'n soort sin uit 'n gedig uit wat gladnie noodwendig in daardie gedig te vind is nie. Die studente moes natuurlik eksamen daaroor gaan skryf né, maar regtig ek weet nie, ek dink u is besig om 'n baie verbeeldingryke - meer verbeeldingryk as wat ek graag sou wou sien, 'n verbeeldingryke interpretasie aan daardie klompie woorde te heg.

Nou vertel ons dan hoe dar u hom kan vertolk? --- Ek sal vir u sê hoe het ek hom vertolk. Ek het miskien dit reeds gesê. Die studente voel ontevrede oor 'n hele klomp dinge.

Laat ons vir ons bepaal by wat hulle hier sê. Ons kan nie buitekant die woorde ... --- Nee, maar u wil hê ek moet sê hoe dat ek dit sien, en Vorster - dit is die naam van die Eerste Minister, en Vorster word gesien as 'n - simbolies gesien as ....

Kyk, as ons net kan enigheid kry hierso, Vorster word genoem hier en gesien as simbool van die Wit gesag? Is dit

nie so/...

nie so nie? --- Ja.

Goed, en dan die ander verwysings hier is na optredes van die Veiligheidspolisie, is dit nie so nie? --- Ja.

Of die polisie of die gesag hoe jy dit ookal wil sien? --- Ja, ja.

En dan daarna kom 'n wending, dan sê hy al hierdie dinge - Vorster het nou die - is nou die "true friend" omdat hy hierdie dinge doen, hy is 'n vriend van die revolusie? In ander woorde sy optrede bevorder die revolusie? En dan sê hy daar gaan die revolusie kom, en wanneer hier revolusie is - "Arsen, rape and bloody murder". --- Dit is nie my interpretasie van die gedig nie.

Wel, wat is dan u vertolking van die gedig soos hy staan? --- My vertolking is natuurlik en sal natuurlik van u vertolking verskil. U moet wees ek leef aan die anderkant van die wêreld in Suid-Afrika, alhoewel ons natuurlik heel dikwels met mekaar saam praat, in 'n mindere en 'n meerdere mate, as ek sê "ons", dan bedoel ek Wit en Swart.

Kan ek u net in die rede val, iemand(?) sê vir my daar is 'n moontlikheid dat hierdie twee gedigte apart van mekaar behandel moet word? --- Dit is eintlik soos ek hulle ervaar het, ja.

Nou goed, sal u hulle dan as 'n geheel behandel en apart? --- Gewoonlik het die studente hierdie tweede dingetjie ... (Hof kom tussenbei).

<u>DEUR DIE HOF:</u> Op 'n ander wysie gesing? --- Ja, dit is op 'n ander wysie gesing. In elk geval, ek dink dit is ....

In elk geval soos ek sê ek het dit nie voor my nie maar dit klink vir my, die eerste deel klink na sarkasme, sonder logika? Is dit reg of verkeerd? --- Dit is myns insiens

heeltemal/...

heeltemal sonder logika. Sarkasme is daar, en soos ek gesê het ek sien ook ....

"What a friend we have in Vorster", "Freedom has no truer friend", met ander woorde as hy enigsins vryheid verteenwoordig dan sou 'n mens nie hierdie ander goed verwag nie. "Does your telephone sound funny, take it to the Special Branch. If they take you to the shower do not take your soap with you." - So dit strook gladnie met die "Freedom has no truer friend than Vorster"? --- Dit is so.

Soos u sê "If you hear a knock at four, dare not open up your door", want dit mag die gereg wees? --- Dit is heeltemal reg.

Maar dit is heeltemal in stryd met "Freedom and a friend"? --- Ja, om daardie rede U Edele sou ek daardie stukkie, soos ek sê as 'n mens dit 'n gedig mag noem, 'n stukkie satire noem, satire werk presies so. Ek dink 'n mens vind daardie satiriese manier of wyse in heelparty van my eie gedigte, in Kitaar met Kruis byvoorbeeld en Sê Sjibbolet tereg. Ek sou sê - sou dit 'n satiriese stuk noem.

MNR. REES: Goed, ons sal dan daarvan afstap en teruggaan na hierdie toespraak wat u sou gelewer het in Julie 1973. Hierdie verslag van u gaan aan en sê : "The meeting organised

> by the Progressive Party was transferred to the Jewish Association Hall after the Stellenbosch Town Council refused permission yesterday for the meeting to be held in the town's banqueting hall. Mr. Small pulled no punches. At one stage he drew gasps from sections of his audience when he lashed out at the materialism and spiritual decadence has become the virtue of many White South Africans."

Is dit/...

Is dit juis? --- Nou moet u verstaan - hoofsaaklik juis ja, maar u moet nou verstaan dat dit 'n koerantman is wat dit geskryf het, die soort koerantman wat natuurlik - u weet, ons koerant mense, dit lyk asof hulle net 'n paar kopstukke vir hulle verslae het, "so and so slangs so and so" en "so and so lashes out at so and so" en ....

Ja, ek dink daardie stukkies kan ons vergeet, want dit is inderdaad ... --- Ja, net solank ons dit in daardie perspektief sien, advokaat.

Soos ons koerante maar te kere gaan as ek so mag sê? --- Ja.

Maar die punt is hier dat u sou woorde gebruik het wat hy het dit in aanhalingstekens - "materialism and spiritual decadence has become the virtue of many White South Africans". - Kan u net daardie sinsnede verduidelik asseblief? --- Ja. Ek sal weer heeltemal openlik met u praat en sê dat die manier waarop so baie van ons witmense in Suid-Afrika leef, dié het ek in elk geval oor en oor reeds gesê, by geleenthede, is materieël, so vals, waarmee ek bedoel dat dit geen werklikheid in ons situasie vir my verteenwoordig nie. Dit is so 'n hoë lewe, ons praat soms van hierdie lewensstandaard van ons mense in Suid-Afrika wat so hoog is, en heel dikwels dink ek baie ernstig dat as daar een ding is wat geestelik ons ondergang is, op enige plek in die wêreld, maar veral seker in moeilike land soos Suid-Afrika, dan is dit hierdie materieële welvaart, wat nie net welvaart is nie, dit is iets verskrikliks, iets meer as net welvaart. Dit is wat ek in gedagte gehad het daar.

Dan sê hy : "He implored young Whites, 'I almost go on my knees, to be more spiritually courageous' -

he accused/...

he accused Whites of a deep-seated, ingrained and almost total respect for authority."
--- Dit het ons natuurlik al genoem, advokaat, al wat ek hier wil byvoeg is dat ek byvoorbeeld Professor Piek van die Randse Afrikaanse Universiteit eenkeer 'n lesing hoor gee het in Durban en hierdie einste ding hoor sê het, waaroor ek gewaarsku het, waaroor hy gewaarsku het, ander mense waarsku in ons land, dat wanneer jy 'n toestand het waar jou welvarendheid so groot is soos aan die Wit kant in Suid-Afrika, en jy het dieselfde toestand, binne dieselfde toestand die armoede so groot aan die anderkant, nouja dan soek jy moeilikheid. Ek dink dit is redelik om dit te aanvaar.

En jy kry moeilikheid, jy sal moeilikheid kry indien jy dit voortdurend onder die aandag van die minderbevoorregte groep bring dat hy minder bevoorreg is as gevolg van die opsetlike optrede van die ander groep? Nie waar nie? --- U sal in gedagte hou dat ek daardie aand nie met 'n minderbevoorregte groep mense gepraat het nie. Ek het met wit Stellenbosch gepraat.

Ek is bewus daarvan, maar ek praat nou van die algemene beginsel? --- Ek dink dit is onregverdig, advokaat, om te insinueër dat ons dit geduriglgdeur net onder die aandag bring.

Ek insinueër niks, ek sê net indien dit onder die aandag gebring word sal dit lei tot probleme? Ek insinueër niks, ek vra die vraag, u gee die antwoord? --- Nee, ek dink dit is alleen maar eerlik van ons om dit onder alle mense se aandag te bring. Ek dink die man wat stilbly oor hierdie dinge in Suid-Afrika is ons gevaar, nie die man wat daaroor praat sodat hy gehoor kan word in die land nie.

My vraag bly nog, indien mens dit voortdurend onder 'n

groep/...

he accused Whites of a deep-seated, ingrained and almost total respect for authority."

--- Dit het ons natuurlik al genoem, advokaat, al wat ek hier wil byvoeg is dat ek byvoorbeeld Professor Piek van die Randse Afrikaanse Universiteit eenkeer 'n lesing hoor gee het in Durban en hierdie einste ding hoor sê het, waaroor ek gewaarsku het, waaroor hy gewaarsku het, ander mense waarsku in ons land, dat wanneer jy 'n toestand het waar jou welvarendheid so groot is soos aan die Wit kant in Suid-Afrika, en jy het dieselfde toestand, binne dieselfde toestand die armoede so groot aan die anderkant, nouja dan soek jy moeilikheid. Ek dink dit is redelik om dit te aanvaar.

En jy kry moeilikheid, jy sal moeilikheid kry indien jy dit voortdurend onder die aandag van die minderbevoorregte groep bring dat hy minder bevoorreg is as gevolg van die opsetlike optrede van die ander groep? Nie waar nie? --- U sal in gedagte hou dat ek daardie aand nie met 'n minderbevoorregte groep mense gepraat het nie. Ek het met wit Stellenbosch gepraat.

Ek is bewus daarvan, maar ek praat nou van die algemene beginsel? --- Ek dink dit is onregverdig, advokaat, om te insinueër dat ons dit geduriqdeur net onder die aandag bring.

Ek insinueër niks, ek sê net indien dit onder die aandag gebring word sal dit lei tot probleme? Ek insinueër niks, ek vra die vraag, u gee die antwoord? --- Nee, ek dink dit is alleen maar eerlik van ons om dit onder alle mense se aandag te bring. Ek dink die man wat stilbly oor hierdie dinge in Suid-Afrika is ons gevaar, nie die man wat daaroor praat sodat hy gehoor kan word in die land nie.

My vraag bly nog, indien mens dit voortdurend onder 'n

groep/...

groep se aandag bring dat hulle deur 'n ander groep onderdruk word en dat daardie ander groep al die voordele het en hulle geen voordele het nie, dan stuur jy af op moeilikheid, op 'n botsing tussen die groepe, nie waar nie? --- As 'n mens dit sou doen, advokaat, maar wat ek vanmôre reeds hier gesê het was dat ons keer op keer op keer dit baie duidelik gestel het dat wanneer daar diskriminasie is teen die swartmense in die land is daar eintlik ook diskriminasie in die sin waarin ek dit bedoel het en waarin ander mense dit bedoel teen die witmense in die land. Ons almal ly daaronder as een van ons groepe in die land nie vry is nie.

Wanneer u sê wanneer "ons" dit doen, bedoel u SASO of BPC of het u iets anders in gedagte? --- Ek dink u aanvaar tog dat ek nie die enigste man in my gemeenskap is,in die groot swart gemeenskap, wat dink soos ek hier vir u probeer duidelik maak het, ek wel dink nie.

Ongelukkig moet ek u vra om hier 'n bietjie spesifiek te wees, want wanneer u sê "ons" - kyk, hier gaan dit nie oor die swart gemeenskap nie, dit gaan oor die groep SAS/BPC, as u vir die hof 'n algemene antwoord gegee het is ek tevrede daarmee. U bring dit derhalwe nie tuis by SASO of BPC as sulks nie? --- Ek bring dit tuis ook by hulle.

O, goed, maar wanneer u sê "ons" vereenselwig u uself dan met SASO en BPC? --- Ek sal dit sekerlik in hierdie verband doen, ja.

Goed, was u ooit 'n lid van BPC? --- Ek was nooit 'n lid van BPC nie.

Was u 'n ondersteuner van BPC? --- BPC self ken ek nie so goed nie, ek ken BPC deur SASO hoofsaaklik.

Het u miskien enige van die BPC vergaderings bygewoon? --- Ek dink/...

--- Ek dink nie ek het al ooit 'n BPC vergadering bygewoon nie.

So vir alle praktiese doeleindes is u nie vertroud met die besonderhede van hulle optrede nie? --- Ek verkies altyd om oor SASO te praat, ek hou nie daarvan om te praat oor dinge waarvan ek baie min weet nie.

Gaaf, nou laat ons net aangaan hierso. Hier staan 'n verdere hofie hierso wat sê "Desperation.: Students here are speaking .." - dit is nou in verband met - "That the

> real problem of the University of the Western Cape was not in the institution itself but in the entire South African situation. The students there are speaking of the oppressive power structure of the South Africa and saying they hate the oppressive White power."

Is dit ooreenstemmend met wat u sou of kon gesê het? --- Wil u dit net weer vir my lees? Dan moet u vir my ook sê waar daar aanhalingstekens is asseblief?

Wel, die hele stukkie wat ek nou gaan lees tot waar ek stop is aanhalingstekens. - "The students there are

> speaking of the oppressive power structure in South Africa and saying they hate the oppressive White power. They are warning that their generation has had enough."

--- Ja. Ek het nie 'n afskrif van daardie toespraak nie en u weet 'n mens kan koerantmanne nie altyd vertrou nie, hulle het al woorde in my mond gelê wat ek nooit gebruik het nie, maar die algemene strekking daar is vir my aanvaarbaar.

Ja, en dan sê hy : "There was clearly a certain desperation in the students' attitudes who adopted

it even/...

--- Ek dink nie ek het al ooit 'n BPC vergadering bygewoon nie.

So vir alle praktiese doeleindes is u nie vertroud met die besonderhede van hulle optrede nie? --- Ek verkies altyd om oor SASO te praat, ek hou nie daarvan om te praat oor dinge waarvan ek baie min weet nie.

Gaaf, nou laat ons net aangaan hierso. Hier staan 'n verdere hofie hierso wat sê "Desperation.: Students here are speaking .." - dit is nou in verband met - "That the

real problem of the University of the Western Cape was not in the institution itself but in the entire South African situation. The students there are speaking of the oppressive power structure of the South Africa and saying they hate the oppressive White power."

Is dit ooreenstemmend met wat u sou of kon gesê het? --- Wil u dit net weer vir my lees? Dan moet u vir my ook sê waar daar aanhalingstekens is asseblief?

Wel, die hele stukkie wat ek nou gaan lees tot waar ek stop is aanhalingstekens. - "The students there are

speaking of the oppressive power structure in South Africa and saying they hate the oppressive White power. They are warning that their generation has had enough."

--- Ja. Ek het nie 'n afskrif van daardie toespraak nie en u weet 'n mens kan koerantmanne nie altyd vertrou nie, hulle het al woorde in my mond gelê wat ek nooit gebruik het nie, maar die algemene strekking daar is vir my aanvaarbaar.

Ja, en dan sê hy : "There was clearly a certain desperation in the students' attitudes who adopted

it even/...

it even it if meant being crushed." Dan in aanhalingstekens - "take note of the meaning of this desperation he said"?

--- Ja.

Dit stem ook ooreen met wat dat u hier gesê het, u aanvaar dit, nie waar nie? --- Ja.

"Asked for a solution, Mr. Small said bluntly .." - wat sou u antwoord nou wees? Wat sou u sê is die oplossing? --- Wat het ek daar gesê?

Wel, gee vir ons wat u ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Het u die "solution"? --- My antwoord is en dan is daar natuurlik 'n groot probleem, sou u vir my vra spel dit uit, want dit sou 'n baie baie lang spelling moet wees, dat ons 'n volslae ope Suid-Afrika moet hê, nouja ...

MNR. REES: Met ander woorde u wil basiese veranderings in die hele struktuur teweeg bring, is dit reg? --- Ek sou graag sien dat ons so verander, ja. Daar is verskillende maniere waarop ons so kan verander.

U moet nie afleidings maak van wat ek u vra nie. Ek sê nie of ek daarmee saamstem of nie daarmee saamstem nie. Ek wil net weet wat in u kop aangaan. --- Ja, ek moet tog hier sê, want ek dink dit is regverdig teenoor baie van ons hier, dat dit sekerlik op die oomblik lyk asof ons almal feitlik in Suid-Afrika verandering wil sien, verandering ten opsigte van wat vir so lank die geval was.

Hier het u gesê - "Asked for the solution, Mr. Small said bluntly - 'For God's sake White South Africa, share your power. At least sit around a conference table with a view to sharing that power'."

Staan u nog daarby? --- Ek wil dit graag nog so sien, ja.

En dan/...

En san sê u - "He told another questioner that he regarded himself as Black because he wished to identify himself with everybody on the side of the oppressed in South Africa."

Is dit so? --- As ons "oppressed" interpreteer soos ek dinge probeer skets het vroeër vandag hier dan seer sekerlik, ja.

Dit sluit nou in die besonder hierdie lot beskuldigdes hier voor die hof in, nie waar nie? --- Hulle is mense wat aan die swart kant leef, ja.

En u het daarop vervolg - "He emphasised that he did not encourage a racial confrontation, but it was clear that such a confrontation was possible."

--- Dit het ek vanmiddag ook hier gesê.

"The way White South Africa is setting about things at the moment, the confrontation is approaching faster by the day."

--- Dit was in 1973 so, ja.

Stem u nog saam dat daardie konfrontasie is aan die nader kom? --- Ek sê net weer dat dit nog steeds 'n moontlikheid bly, ek het reeds gepraat oor die feit dat daar vertragings is waar ons liewers nie vertragings moet hê nie.

Dit wil vir my voorkom asof u om en by dieselfde tyd, luidens die Pretoria News van die 23e van die sewende maand 1973, het 'n verslaggewer of iemand skynbaar die volgende vraag aan u gestel : "Don't you feel that the coming together of African and Coloured people in a Black power movement is a dangerous threat to peace in South Africa, as you will then have a polarisation and a Black versus White situation."

Kan u min of meer dink hoedat u daardie vraag sou beantwoord het?/...

het? --- As ek die regte antwoord op daardie tydstip gegee het dan sou ek gesê het dat ek nie dink dat so 'n samekoms gevaar vir ons inhou nie, en om die waarheid te sê dat ek dink in die lig van wat ek hiergesê het oor swart bewustheid en SASO filosofie ens., dat so 'n samekoms baie gesond kon wees, vir ons almal.

U sien die antwoord wat hierdie man u hier toedig is die volgende: "Certainly there is a possibility of

> its being a dangerous threat to the peace in South Africa, but what does peace mean at the moment. Peace in South Africa means nothing but the suppression of rightful desires, the suppression of the hearts and minds of people. In fact what we need in South Africa very necessarily is a breaking of this peace, a shaking up of this society."

Is dit wat u hom geantwoord het? --- Ek dink dit is 'n redelike antwoord, en as hy my gevra het wat ek verstaan onder "shaking up of this society", dan sou ek net sê eenvoudig en wil hê mense moet waaragtig dink in ons gemeenskap en hulle moet hard dink.

Want u het min of meer soiets gesê, hier volg die man dat u gesê het : "And I am not preaching violent revolution,

> because we all know that this will mean for all of us, for everybody in South Africa."
>
> "I am saying at the same time, however, that unless certain people in this situation, and I have in mind the Government and White South Africa as a whole, wake up now. In fact they should have woken up already. I definitely foresee this terrible possibility of violence in South Africa."

--- Ja, ek/...

--- Ja, ek het weer gesê dit is 'n moontlikheid, dit is presies wat ek vanmiddag hier gesê het, en wat ek daar bedoel is juis wat ek so pas gesê het, dink mense, en dink baie hard.

Ja, en dan vervolg die man en hy sê u sê : "I don't want to close my eyes to it because that would be foolish, but I must say I try to shut my eyes to it now and then because it is such a terrible thought to think."

--- Miskien kan ek u net daaraan herinner dat mnr. Vorster self nou onlangs dieselfde uitdrukking gemaak het in verband met die Rhodesiese situasie, die einste uitdrukking, dat die alternatiewe te verskriklik is om aan te dink.

Hier vra die man vir u, die koerantman : "Why encourage this polarisation then."

En u antwoord : "I believe this to be very necessary for this situation, simply because it is one which a so-called non-racialistic or multi-racialistic approach towards a solution of our problems can be only so weak and so watered down as a strategy that it just will not work."

--- Dit is redelik, ja.

Goed, ek sal vir u advokaat hierdie dokumente beskikbaar stel en in geval hy miskien iets later aan u in verband daarmee wil doen. May I just have them back? Indien ek aan die hand sou doen dat die eerste stap wat beoog word met die Black Consciousness is om die trots en waardigheid by die swartman te laat posvat, sou u saamstem? --- Ek sou saamstem, ja.

Indien ek sou stel dat Black Consciousness daarop gemik is om 'n nuwe kultuur en 'n nuwe waarde oriëntasie te bewerkstellig, sou/...

lig, sou u daarmee saamgaan? --- Ek voel nie gelukkig oor die beskrywing "nuwe kultuur" nie. Dit is vir my 'n bietjie moeilik, ek weet nie hoe om daardie frase te hanteer nie, maar 'n nuwe waarde-oriëntasie seer sekerlik, ja. Ek dink dit staan uitdruklik ook so in heelparty geskrifte.

As ek dit aan u in Engels kan stel, dan kan ons - miskien is daar 'n woordverandering. - "Black Consciousness aims at building a new culture and value orientation which will articulate the priorities and needs of the Black people and act in terms of those needs." - Sal u daarmee saamgaan? (10) --- Ek gaan weer daarmee saam behalwe dat ek nie tevrede voel oor "a new culture" nie, want dit gee die indruk dat ons dink in terme van een kultuur, en ek dink dit was nog altyd die uitgangspunt dat daar in die swart omgewing verskeie kultuur uitings is wat met mekaar kan saamleef. Dit is vir my een van die mooi dinge byvoorbeeld in verband met Leopold Senghor se Negritude begrip. Nou goed, die Negritude begrip is 'n ou begrip, dit is nie 'n nuwe begrip nie. Ek wil nie sê dit is nuut nie, maar daar bly mooi dinge. Senghor het nooit gedink of nooit wou hê dat daar (20) een algemene kultuur moes wees op enige plek in ons wêreld nie. Ons moes saamleef met ons verskeie kultuur uitings binne een politieke konteks.

Daardie boekie wat u gister uit gekwoteer het, van Barney Pityana se sienswyse oor SASO, en u het vir ons genoem bladsy 189, as ek nie verkeerd is nie? --- 189.

Dit is die deel wat u genoem het? --- Ja, dit is heeltemal reg.

Sal u net 'n bietjie terugblaai na bladsy 181 daarvan, dit is ook nog die artikel op die sienswyse van Barney Pityana. (30) --- Ja, dit is reg.

Nou as/...

Nou as u kyk die tweede paragraaf wat begin - "Culture is largely ..", het u dit? --- Ja.

Nou omtrent die laaste gedeelte van daardie paragraaf wat begin - "Black Consciousness is determined ..", het u dit? --- Ja.

Lees net van daar tot die einde van daardie paragraaf vir die hof en sê vir die hof wat sê hy daar? --- Ek sal dit lees en dan binne die konteks lees as u nie omgee nie?

Seker. --- "Black Consciousness is determined to build a new culture and value orientation which though influenced by other forces will articulate the priorities and needs of the Black people and act in terms of these needs."

--- Nee goed, ek sien wat u bedoel, dit is nie nodig vir my om die hele paragraaf te lees nie. Wat u eintlik besig is om te sê is dat hy self daar praat van "a culture", en ek dink die antwoord daar is eenvoudig dat Pityana en ek nie verskil nie, dit is eenvoudig dat ek 'n uitbreiding gemaak het daarop en dit is al.

Ek het u dan seker netnou verkeerd verstaan, want ek het afgelei dat u verskil met my toe ek sê dat dit is die definisie, of dit is wat Black Consciousness voor staan? --- Ja, ek sal sê dat dit in terme van SASO filosofie van swart bewustheid filosofie miskien 'n bietjie ongelukkig is dat Barney daar gepraat het van "a culture", maar ek dink dit is nie 'n groot fout nie, ek sou 'n student nie minder punte gegee het daarvoor omdat hy gepraat het van "a culture" nie. Want ek dink dat hy hier in die res van die artikel homself heeltemal duidelik stel.

U het in die Bewysstuk K.5, dit is die toespraak wat u

gelewer/...

gelewer het in verband met Blackness versus Nihilism, dit verskyn op bladsy 14 van die dokument ..? --- Ja.

Wat beteken die term "Nihilism", sal u dit net 'n bietjie uitmaak? --- U weet, 'n mens kan meer as een betekenis daaraan heg. Ek het vanmôre reeds al 'n bietjie daaroor gesels, Nietzsche het iets baie eenvoudig eintlik onder Nihilisme verstaan, en dit was wat ons gewoonweg noem self-belang. My bedoeling met die woord hier sluit die Nietzscheaanse betekenis in, maar soos ek vanmôre verduidelik het vir my gaan dit oor die inhoud van jou wese, jy is of 'n persoon en word as 'n persoon erken in enige gemeenskap in die wêreld, of om verskeie redes is jy nie 'n persoon nie, jy kon netso goed as't ware 'n ding wees. Jy kan natuurlik self ook vir hierdie leë persoonlikheid, as u dit so wil noem, verantwoordelik wees, vir hierdie persoonlikheid wat eintlik nul is nie, en dit is wat ek hier - met ander woorde Nihilisme gebruik ek hier as 'n eksistensiële begrip wat dui op 'n gebrek aan persoonlikheid, 'n gebrek aan wesentlikheid, as u dit so wil noem. Ek is jammer dat ek so filosofies moet wees.

Maar u is eintlik 'n woord kunstenaar, u weet hoe om met woorde te speel, en woorde te gebruik? --- Die kritici sê vir my soms dat ek nie dit is nie.

Maar dit is tog - u is inderdaad 'n woord kunstenaar? Afgesien van wat die kritici sê? Is dit so? --- Ek sou graag wil dink dat ek is, ja.

Nou die Nihilisme is ook vatbaar vir die betekenis, die verwerping van bestaande godsdienstige en sedelike opvattinge, nie waar nie? --- Sal u dit herhaal, asseblief?

Die verwerping van bestaande godsdienstige of sedelike opvattinge?/...

opvattinge? --- Daar is 'n sin waarin 'n mens dit sou kan sê, ja.

Dit was ook, en ek wil dit aan die hand doen, dat Blackness versus Nihilism, in daardie sin, kan slaan op die - ons kan die opskrif effe anders stel, sal dit lees - Blackness versus the White Rejection of current religious and moral principles? --- U sal dit moet herhaal, ek verstaan dit nie mooi nie.

Met ander woorde dit is 'n dubbelsinnige opskrif wat u daar het? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Mnr. Rees gee sy betekenis aan die woord. Is dit die betekenis wat u aan die woord gegee het? --- Dit is seer sekerlik nie die betekenis wat ek aan die woord gegee het nie, en ek dink ....

Die Nihilisme dink ek het 'n ander betekenis ook, dit kom van die Latyn - nihil beteken niks, vernietiging, met ander woorde vernietig? Nihilisme? --- Dit is reg.

MNR. REES: Die vernietiging van die bestaande godsdienstige en sedelike opvattinge? --- Die punt natuurlik in verband met 'n begrip soos daardie is dat jy hom binne konteks moet lees.

DEUR DIE HOF: Hou dit verband met Nietzsche se teorie? --- Dit is so, ja.

Wat u aan hom stel, hou dit verband met Nietzsche se teorie?

MNR. REES: Edelagbare, dit hou verband met die Oxford English dictionary se betekenis van die woord?

DEUR DIE HOF: Wel, hierdie het 'n filosofiese betekenis.

MNR. REES: Ja, maar hierdie ding word gelewer aan 'n klomp studente wat nie filosowe is nie, nie so nie? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Daaroor noem hy Nietzsche se naam as hulle wil/...

opvattinge? --- Daar is 'n sin waarin 'n mens dit sou kan sê, ja.

Dit was ook, en ek wil dit aan die hand doen, dat Blackness versus Nihilism, in daardie sin, kan slaan op die - ons kan die opskrif effe anders stel, sal dit lees - Blackness versus the White Rejection of current religious and moral principles? --- U sal dit moet herhaal, ek verstaan dit nie mooi nie.

Met ander woorde dit is 'n dubbelsinnige opskrif wat u daar het? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Mnr. Rees gee sy betekenis aan die woord. Is dit die betekenis wat u aan die woord gegee het? --- Dit is seer sekerlik nie die betekenis wat ek aan die woord gegee het nie, en ek dink ....

Die Nihilisme dink ek het 'n ander betekenis ook, dit kom van die Latyn - nihil beteken niks, vernietiging, met ander woorde vernietig? Nihilisme? --- Dit is reg.

MNR. REES: Die vernietiging van die bestaande godsdienstige en sedelike opvattinge? --- Die punt natuurlik in verband met 'n begrip soos daardie is dat jy hom binne konteks moet lees.

DEUR DIE HOF: Hou dit verband met Nietzsche se teorieë? --- Dit is so, ja.

Wat u aan hom stel, hou dit verband met Nietzsche se teorieë?

MNR. REES: Edelagbare, dit hou verband met die Oxford English dictionary se betekenis van die woord?

DEUR DIE HOF: Wel, hierdie het 'n filosofiese betekenis.

MNR. REES: Ja, maar hierdie ding word gelewer aan 'n klomp studente wat nie filosowe is nie, nie so nie? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Daaroor noem hy Nietzsche se naam as hulle

wil/...

wil ondersoek instel.

MNR. REES: Waar noem u Nietzsche se naam hierso? --- Ek verwys na Nietzsche op bladsy 16. Is dit 16 - ja.

Wat is die verband, laat ons hoor? --- Ek skryf daar omtrent so 15 reëls van onder af - "At this stage of

> the world's history Nihilism as Nietzsche saw it, that is that it is sheer .." - ek dink daar het 'n drukfout gekom - ".. that it is sheer self-interest."

Nouja, ek weet daar is van my filosofiese vriende wat miskien mag verskil, miskien interpreteer ek Nietzsche te vriendelik, maar nouja, dit is 'n filosofiese kwessie. Ek dink ek druk myself heeltemal duidelik uit in hierdie artikel wat Nihilisme betref, en ek het dit probeer duidelik maak aan die hof dat ek dit hier gebruik as 'n eksistensiële begrip wat persoonlikheid of liewers die gebrek aan persoonlikheid, aan menslikheid as u wil, dit is beter, gebrek aan menslikheid ....

Met ander woorde dit is juis die punt wat ek besig was om met u te maak, die Nihilisme daarin verwys na die witman? Die witman se eie-belang, die witman wat alle waardes verwerp het? --- Dit verwys seer sekerlik na die ... (Tussenkoms).

Na die morele waardes? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: U sal moet die hele artikel lees. Soos ek die ding begryp gaan u heeltemal uit van die standpunt dat Wit is 'n waarde-bepaling en u verwerp dit, daaroor u praat nie van 'n Nie-Blanke nie want u sê dan - met ander woorde dit word aan die hand van 'n waarde wat u verwerp word u dan geoordeel? --- Ja, 'n waarde wat ek verwerp vir sover as wat dit ongelukkig is, dat daar so baie mense in ons land moet wees wat dit as 'n hoë waarde - die hoogste waarde - sien.

Met ander/...

Met ander woorde wat die swartman se waarde wil probeer bepaal in verhouding met die witman s'n? --- Presies, ja.

MNR. REES: In ander woorde eintlik wat u hier op neerkom in die artikel is 'n aftakeling van die Wit as waarde, nie waar nie? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Nee, as 'n waarde-bepaling.

MNR. REES: En as 'n waarde. My vraag aan u is dit is 'n aftakeling van Wit as 'n waarde en Wit as 'n waarde-bepaling? --- As u dit so wil, maar ek dink u gebruik die twee woorde nou in presies dieselfde sin van waarde-bepaling.

Ja, goed, en ... --- Maar dan moet u weer eerlik wees teenoor my en erken dat ek in hierdie stuk verwys na swartes, wat ook realisties dink.

Maar nou die swartes waarna u daar verwys is wat hierdie klomp - groep mense noem Non-Whites, dit is diegene wat saamwerk met die wittes? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Nee, ek glo nie u het die artikel gelees nie, mnr. Rees. Die hele betoog is dat die swartman moet heeltemal gesien word los van die witman, en hy moenie enigsins gekoppel wees aan die witman om eintlik sy identiteit te bepaal nie, want hy het sy eie identiteit. Ek dink u onderskei tussen rasisme, u sê dit verwys na 'n kompleks, maar swartheid verwys na sy trots, wat iets heeltemal iets anders is? --- Met ander woorde as ek dit in eenvoudige taal mag stel, U Edele, die swartman moenie probeer om 'n swak skadu van die witman te wees nie.

MNR. REES: Ja, alle wit waardes moet verwerp word? --- Nee. Nee, dit is gladnie die geval nie.

Witheid moet nie as 'n waarde gesien word nie? --- Ons sal seker van die eerste mense wees om te erken dat ons groot

waardes/...

woorde die wittes? --- Waar het u dit, kan ons 'n bietjie daarna kyk?

Seker, bladsy 15 aan die linkerkant, die eerste groot paragraaf onder. --- "There is no reason for you ..", ja. "You must accept, and accept them with love."

DEUR DIE HOF: Wel, u vat hom 'n bietjie uit verband uit. U moet voor begin waar hy sê - "As I identify this blackness, our rejection of racism" - en dan gaan u af want dit hou verband daarmee. --- "As I identified this blackness,

> our rejection of racism will become clear. Racism is a phenomenon of inferiority whereas our blackness is a phenomenon of pride. We are not out to hate Whites."

--- Dit is my eie woorde, "we are nout out to hate Whites.

> We are out to treat them simply as people, indeed in our blackness we can accommodate a sympathy for Whites which extends all the way of the sentiments of a Black American writer who writes to his young nephew - 'there is no reason for you to try to become like White people and there is no basis whatever for their impertinent assumption that they must accept you. The really terrible thing, old buddy, is that you must accept them. You must accept and accept them with love, for these innocent people have no other hope.' We differ from this Black writer" - dit is ek wat verder skryf - "only in that we do not believe these people to be innocent. Perhaps he also meant this only ironically."

--- Noudat ek dit binne konteks sien sal ek sê dat ek baie vriendeliker was teenoor witmense hier as wat Baldwin teenoor witmense/...

waardes van Europa geërf het. Ek kan dit in my eie bloed as't ware nie ontken nie, ek is dus nie in staat om soiets te geskryf het nie.

Maar hier sê u byvoorbeeld op bladsy 15 van die dokument waar u verwys - het u dit? --- Ja.

Waar u verwys : "Racism is a phenomenon of inferiority, whereas our blackness is a phenomenon of pride. We are not out to hate Whites, we are out to treat them simply as people. Indeed in our blackness we can accommodate a sympathy for Whites which extends all the way of the sentiments of the Black American writer who writes to his young nephew -"it is no reason for you to try to become like White people, and there is no basis whatever for their impertinent assumptions that they must accept you. The really terrible thing, old buddy, is that you must accept them. You must accept and accept them with love, for these innocent people have no other hope." - "We differ from this Black writer only in that we do not believe these people to be innocent. Perhaps the author meant that only ironically."

Wat bedoel u daarmee? --- Dat die skrywer wat ek daar aanhaal is James Baldwin ....

Ja, maar ek het net belang in hierdie stukkie - "We do not believe these people to be innocent"? --- Ja. Ek verwys hier natuurlik na mense wat ek dink die geleentheid het en van die geleentheid gebruik behoort te maak om dinge in die huidige bestel te verander in die sin waaroor ons reeds daaroor gepraat het, en daardie sin dink ek dit is soos die

Engelsman/...

Engelsman sê - "a fair comment", 'n "comment" om te sê dat daar baie mense is in Suid-Afrika, wittes hoofsaaklik, maar swartes sekerlik ook, ons verwys na die kleur swart hier, wat nie "innocent" is in hierdie sin nie.

Kyk, is die verskil tussen u benadering en die man wat u aanhaal nie dié nie, die man wat u aanhaal preek versoening met die Blanke. Hy sê - "they are innocent,

> although it is a terrible thing you must accept them."

U sê - ja, ek stem saam, maar ons sê hulle is nie onskuldig nie? --- Wat sou u sê daarvan as ek skielik, en ek wil dit nie doen nie, maar u dwing my nou om dit te doen, net die drie letters HNP hier noem.

DEUR DIE HOF: Ek volg nou nie die voorbeeld nie? --- As ek nou net sê wat van die HNP? Ek wil nie graag politiek praat nie maar nouja, ek dink selfs mnr. Vorster dink dat die HNP nie so "innocent" is nie.

MNR. REES: Waarvan? Ongelukkig weet ek nie, ek weet niks van HNP of enige ander ... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Ek vrees ek het nie u voorbeeld gevolg nie, herhaal asseblief weer? --- Nee, ons praat binne die konteks van witmense en ander mense in die land wat nie heeltemal so onskuldig is aan dinge nie, en ek probeer sê dat ek dink - as ek die Engelse frase mag gebruik dat dit "fair comment" is om te sê dat daar wel mense in ons land is wat nie heeltenal so onskuldig is nie.

MNR. REES: Maar hier het u nie gepraat van 'n groepie nie. Kyk, in elke gemeenskap kry jy 'n groepie afwykendes en persone wat anders dink as die groter groep. Ons praat nie van 'n groepie nie. U sê hierso - "These people" - in ander

woorde/...

witmense in Amerika was, want dit is 'n verskriklike ding om vir mense tesê "that you are innocent", jy stel hulle heeltemal in die ongelyk, dit is asof jy van die mense sê "julle is absoluut waardeloos". Terwyl ek sê dat as julle skuld het erken dat julle skuld het. Ek is bereid om te erken dink ek wanneer ek skuld het.

O nee, dit is nie 'n aanval op 'n man as jy sê hy is onskuldig nie. As 'n man teen my raakry in die pad en hy het dit per ongeluk gedoen, dan gaan ek nie vir hom sê - erken jy is skuldig - nie, nie waar nie? --- (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Laat ek kyk of ek dit reg verstaan. U wys hierso dat swartheid is die trots van die swartman, dit is nie 'n rasistiese gedagte nie. Waar hierdie Amerikaner vir sy jong neef skryf - "There is no reason for you to

try to become like White people, and there is no basis"- met ander woorde jy het jou eie identiteit,

jou eie trots - " .. and there is no basis whatever for

their impertinent assumption that they must accept you. You must accept them and accept them with love". - Met ander woorde as daar enige toenadering

moet wees dan moet die witman nie sit en wag dat jy - moet jy nie sit en wag tot die witman jou eendag aanvaar nie, jou trots gee jou jou eie identiteit en dit is vir jou om te besluit of jy hom gaan aanvaar. Nou gaan hy verder -

"For these innocent people have no other hope".

Met ander woorde, as jy hom nie aanvaar nie, dan word hy glad nie - dan is daar geen aanvaarding nie. Is dit nie wat dit bedoel nie? --- Ek voel heeltemal tevrede met daardie interpretasie.

Ja, maar ek wil nie weet of u tevrede voel nie, is dit

reg?/...

reg? --- Ek dink dit is reg.

MNR. REES: Gee ons dan die vertolking van die volgende paragraaf. Lees hom net eers dat ons hoor? --- Ek dink die probleem, advokaat, is dat .... (Hof kom tussenbei).

DEUR DIE HOF: Dan bring hy hierdie punt in, dan sê hy nou - "We differ" - in hierdie geval is dit nie 'n kwessie van dat dit onskuldige persone is nie, hierdie mense is eintlik skuldig, hulle weet dat - hulle weet wat die posisie is, dat ons ons eie trots en identiteit behoort te hê? --- Ja.

MNR. REES: Goed, nou gaan u aan en u sê : "Also it certainly will be hard this attempt to accept them with love. The natural thing for us, the natural thing as a result of White racism, whether crude or chocolate-coated, is not to accept them with love but instead to reject them with hatred. The things they have done to us needs no repetition. We have named them often enough. We have protested often enough without being understood wilfully and otherwise not being understood. They know us, they are even experts on us, but they don't understand, and after all we still sing, and after all we still dance. Langston ..?.., the Black poet, has spoken apt words of our situation too." Dan gaan hy aan onder dit: "The point, however, is that we can no longer care whether or not Whites understand us. What we do care about is understanding Whites to understand themselves. In the words ... (Getuie kom tussenbei). --- Ek dink daar is 'n drukfout daar, maar in elk geval ons kan maar ....

" ... In the words 'ourselves' in the course of this

task/...

task helping of the Black author I have already quoted, helping them to see themselves as they are, to cease fleeing from reality."

In ander woorde ... --- As u vir my kans gee dan kry ek net hierdie weergawe want ek dink daar is woorde uitgelaat daar.

<u>DEUR DIE HOF</u>: Nee wel, ek dink die betekenis daar is dat wanneer u by die witman kom is dit moeilik "to accept him with love", want die natuurlike ding vir ons is omdat die witman hier is 'n wit rasis, hy is nie 'n swartman teenoor 'n witman nie, hy is - jy het hier te doen met 'n rasis, en dit is moeilik om 'n rasis aan te neem met - aanvaar met liefde? --- Ja.

<u>MNR. REES</u>: Dit is die kern van die ding? --- Ja.

<u>DEUR DIE HOF</u>: U kan dit weer vanaand lees, ek meen dit is - ek dink dit is die betekenis? --- Ek voel tevrede dat dit reg is.

<u>MNR. REES</u>: Is dit reg om te sê dat - ek stap nou van dié dokument af, mnr. Small. Is dit reg om te sê dat poësie, prosa en drama aangewend kan word om 'n bewustheid onder die bevolking aan te wakker? --- Ek sal so dink, ja. Ek sal dit natuurlik later 'n bietjie kwalifiseer maar ek dink dit is nie reg om te sê dat dit nie die geval kan wees nie.

Wat sou u sê is die - is SASO se doelwit, wanneer mik hy, om wat teweeg te bring? --- Ek dink ons het reeds daaroor gepraat vanmôre. Ons het gesê uiteindelik is die doelstelling 'n gelyke gemeenskap, 'n egalitêre gemeenskap in Suid-Afrika.

En hierdie "conscientisation", is dit een van die middels of metodes wat hulle aanwend om daardie doelstelling te bereik? --- Ja, dit is die vestiging van wat genoem word swart

bewustheid./...

bewustheid.

Hoe kan byvoorbeeld of hoe kan mense beïndruk word of beïnvloed word deur voorbeelde van - laat ek dit so stel, kan mense beïnvloed word deur aan hulle voor te hou die suksesvolle optrede van ander persone in soortgelyke omstandighede? --- Ek dink nie noodwendig nie. Ek weet nie of u wil hê ek moet ....

Indien u sou vind dat die studente op Witwatersrand Universiteit het geslaag deur - het geslaag om een of ander punt aan die Universiteit af te dwing deur byvoorbeeld 'n besondere gedragslyn te aanvaar, en u verkondig dit aan die Universiteit van die Wes-Kaap, is dit moontlik dat soiets die studente sal kan beïnvloed om soortgelyke metodes te probeer? --- Dit is vir my moeilik om op so 'n vraag te antwoord, advokaat, want my antwoord daarop wil amper wees enigiets onder die son is moontlik. Ek weet nie mooi hoe ek dit met so 'n vraag het nie.

Is 'n mens nie geneig om suksesvolle metodes na te boots nie? --- As ek op so 'n wye vraag moet antwoord dan probeer ek maar sê ja, dit is moontlik.

Wel, is dit nie die algemene menslike ervaring nie, as iemand reeds die paadjie oopgekap het, jy volg daardie pad want dit werk? --- Goed.

HOF VERDAAG.

/YC.

**Collection Number: AD1719**

**State v S Cooper and 8 others.**

***PUBLISHER:***
*Publisher:*- **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:*- **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

***DOCUMENT DETAILS:***

*Document ID:*- **AD1719-Vol104**
*Document Title:*- **Volume 104, Pages 6106 - 6203.**